sektor het in die derde kwartaal van 1994 aansienlik teruggesak. Die afname in netto nuweleenbedrywigheide deur die openbare sektor het hoofsaaklik verband gehou met die regeringsbesluit om sy finansieringsbehoefte meer gelykmatig oor die finansiële jaar te versprei. Die lae vraag van die private sektor het die gunstige kontantylhoeiposisie van die meeste sakeondernemings in Suid-Afrika weerspieël. Aan die einde van die derde kwartaal en die begin van die vierde kwartaal was daar aanduidings van 'n toename in die vraag na fondse deur die private sektor.

Uit die inligting vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 wil dit blyk asof die regering in staat sal wees om sy doelwit te bereik om die skatkistekort voor lenings en skuldaflossings te verminder. Hoewel skatkisuitreikings teen 'n vinniger koers toegeneem het as wat in die Begroting vir die jaar in die geheel beplan is, was die koers van toename aansienlik laer as die gemiddelde toename in die eerste sewe maande van die voorafgaande vyf fiskale jare. Skatkisontvangste het ook in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 vinniger toegeneem as wat in die Begroting vir die jaar in die geheel voorsien is.

Die tekort op die Skatkisrekening is hoofsaaklik deur die uitgifte van langtermynstaatseffekte gefinansier. As gevolg van die feit dat die staat effekte uitgee met 'n koeponkoers wat heelwat laer as die heersende markrentekoers is, moet meer effekte uitgereik word om die finansieringsbehoefte van die regering te bevredig en dra dit dus by tot die skerper toename in staatskuld. In 'n poging om 'n toename in die druk van die hoë rentekoste op die staat se finansies te verhoed en om terselfdertyd aan institusionele beleggers se voorkeur vir 'n kapitaalmarkinstrument met geldmarkkeienskappe te voldoen, is 'n nuwe wisselendekoers-effek in Oktober 1994 bekend gestel. Hierdie effek het 'n looptyd van vier jaar en 'n koeponkoers wat deur die heersende tenderkoers op skatkiswissels plus 'n premie bepaal word.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie<sup>1</sup>

Nadat die totale reële bruto binnelandse produk van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3½ persent in die eerste kwartaal van 1994 gedaal het en teen 'n hersiene koers van 1½ persent in die tweede kwartaal toegeneem het, het dit in die derde kwartaal van 1994 effens sterker teen 'n koers van 2½ persent gestyg. Die sterk herstel in die tweede helfte van 1993 het in die eerste nege maande van 1994 dus heelwat meer gelyk verloop en die reële bruto binnelandse produk was in hierdie tydperk slegs 2½ persent bo die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Indien die landbousektor buite rekening gelaat word, het die reële produksie van die sektore buite die landbou in die eerste nege maande van 1994 in vergelyking met die eerste nege maande van 1993 met ongeveer 1½ persent toegeneem.

Hoewel die groeikoers in die binnelandse produksie in die derde kwartaal van 1994 nog steeds matig was, het die herstel in die ekonomiese bedrywigheid taamlik wydverspreid voorgekom. Klein koerse van toename is

in al die hoofsektore van die ekonomie aangeteken met die belangrike uitsondering van die mynboubedryf.

Die landbouproduksie het in die derde kwartaal van 1993 voortgegaan om teen 'n taamlik hoë koers toe te neem as gevolg van die afhandeling van die insameling van die mielie-oes van ongeveer 12,1 miljoen ton; die mielieproduksie het in 1993 9,0 miljoen ton beloop. Die reële toegevoegde waarde van die landbou kon nog hoër gewees het as vee nie van die mark teruggehou is nie en tuinbouproduksie nie ernstige ryskade opgedoen het nie.

Die totale reële produksie in die mynbousektor, wat in die eerste twee kwartale van 1994 teen 'n redelik vinnige koers afgeneem het, het in die derde kwartaal min verandering getoon. Die lae vlak van die mynbouproduksie in 1994 was die gesamentlike gevolg van die laer goud- en ander mynbouproduksie. Vanweë die toename in die randprys van goud, het die goudmyne weer oorgeskakel na die ontginning van erts met 'n laer goudinhoud. Die produksie van die goudmyne is ook deur arbeidsgeskille benadeel, maar het nietemin in die derde kwartaal van 1994 effens gestyg. Steenkoolproduksie het as gevolg van 'n sterk internasionale vraag voortgegaan om in die eerste drie kwartale van 1994 te styg. Hersiene gegewens van die ander myne toon egter dat produksie in die eerste nege maande van 1994 skerp afgeneem het vanweë die vermindering van die produksie van diamante om 'n internasionale ooraanbod te vermy en die vermindering in produksie van sommige ander minerale en metale omdat voldoende inkomevlakke deur die skerp styging in internasionale grondstofpryse en 'n depresiasie van die rand teweeggebring is.


<sup>1</sup> Soos gebruiklik in die derde kwartaal van elke jaar, is die statistiese ten opsigte van die nasionale rekeninge hersien en is die gewysigde ramings in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* opgeneem. Hierdie hersienings is gebaseer op vollediger of meer gepaste brongewens as wat voorheen beskikbaar was. Daarbenewens is die faktore vir die aansuiwering van seisoensveranderings op datum gebring.

**Tabel 1. Groei in die reële bruto binnelandse produk per sektor**

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	1994		
	1e kw	2e kw	3e kw
Primêre sektore.....	-31	-3	-3
Landbou.....	-60	7	8½
Mynbou.....	-6½	-8	0
Sekondêre sektore.....	-½	0	2
Fabriekswese.....	-1½	-½	2
Elektrisiteit, gas en water .....	2	1½	2
Tertiêre sektore.....	2	3	2
Handel en akkommodasie .....	2	4	2
Vervoer, opbergung kommunikasie.....	2½	3	2½
Finansiële dienste.....	4	4½	4½
Total bruto binnelandse produk .....	-3½	1½	2½

**Reële bruto binnelandse produk**



Die reële produksie van die fabriekswese het in die derde kwartaal van 1994 effens toegeneem, maar was steeds op 'n betreklik laevlak vir hierdie stadium van die ekonomiese herstel. Die swak vertoning van die fabriekswese sedert die begin van 1994 is hoofsaaklik aan ontwrigtings van produksiebedrywighede toe te skryf. Die aantal werksdae wat as gevolg van stakings en wegblly-aksies verlore gegaan het, het teen die einde van die tweede kwartaal toegeneem en na die derde kwartaal oorgespoel. Negatiewe groei in die reële produksie het veral voorgekom by ondernemings wat voedselprodukte, masjinerie en vervoertoerusting vervaardig; die staking van vyf weke in die motorbedryf het die produksievlekke van ondernemings wat vervoertoerusting vervaardig, ernstig benadeel. Hierdie negatiewe gevolge is in 'n sekere mate teenewerk deur pogings aan die einde van die derde kwartaal om produksieverliese uit te wis. Enkele subsektore in die fabriekswese wat hul bedrywighede op die uitvoermarkte gerig het, soos die vervaardigers van chemiese en papierprodukte, kon uit die internasionale herstel voordeel trek en het daarin geslaag om hulle reële toegevoegde waarde in die derde kwartaal van 1994 selfs nog verder te verhoog.

In die ander sekondêre sektore het die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien in die derde kwartaal van 1994 verder toegeneem as gevolg van faktore soos die voortgesette elektrifisering van laer inkomme woongebiede, die herstel van ekonomiese bedrywighede en 'n lang en koue winter. 'n Groter vraag na woongeboue en die onlangse toename in vaste investering het ook tot 'n verdere toename in die reële produksie van die konstruksiesektor geleid.

Die reële toegevoegde waarde van die tersiëre sektore het in die derde kwartaal van 1994 teen 'n bestendige koers bly toeneem. Hoewel hierdie verdere toename wydverspreid voorgekom het, was dit veral waarneembaar in die toegevoegde waarde van die vervoer en finansiële sektore. Die groei in die toegevoegde waarde van die sektor vervoer, opberging en kommunikasie is aangehelp deur die noodsaaklikheid om groot hoeveelhede landbouprodukte te vervoer en die sterk styging in goedere-invoer. Die algemeen lewendige toestande in die finansiële markte tesame met 'n oplewing in transaksies in vaste eiendom, het sterk groei in die reële toegevoegde waarde van die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste verseker. In die sektor handel en akkommodasie het die koers van toename in die reële toegevoegde waarde aansienlik verlangsaam van 'n jaarkoers van 4 persent in die tweede kwartaal van 1994 tot 2 persent in die derde kwartaal, hoofsaaklik vanweë aanbodbeperkinge as gevolg van die staking in die motorvervaardigingsbedryf gedurende Augustus en September.

#### Binnelandse besteding

Die matige styging in produksie het gepaardgegaan met aansienlik skerper toenames in die totale reële binnelandse besteding. Die betreklik hoë toenames van

**Tabel 2. Groei in die komponente van reële bruto binnelandse besteding**

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse


	1994		
	1e kw	2e kw	3e kw
Private verbruiksbesteding.....	1%	2%	3
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid.....	7	1%	0
Bruto binnelandse vaste investering.....	3%	8%	7
Bruto binnelandse finale vraag.....	3	3%	3
Verandering in voorrade (R miljard).....	2,0	1,9	5,5
Bruto binnelandse besteding.....	1	5	9
Uitvoer van goedere en nie-faktor dienste .....	-24%	7	18%
Invoer van goedere en nie-faktor dienste .....	-13	22	52
Besteding van bruto binnelandse produk.....	-3%	1%	2%

kwartaal tot kwartaal in die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse besteding wat sedert die derde kwartaal van 1993 gewissel het tussen 1 en 9% persent, is in die derde kwartaal van 1994 gevolg deur 'n verdere styging teen 'n jaarkoers van 9 persent. Laasgenoemde toename is oor die algemeen veroorsaak deur 'n verbetering in verbruikers- en beleggersvertroue wat toenames in die reële vraag veroorsaak het. Daarbenewens het 'n toename in reële voorrade ook 'n betekenisvolle bydrae tot hierdie hoë groelkoers gemaak.


Reële private verbruiksbesteding het in die eerste nege maande van 1994 skerp toegeneem en die koers van toename het versnel van 'n jaarkoers van 1% persent in die eerste kwartaal van 1994 tot 2% en 3 persent in die daaropvolgende twee kwartale. Hoewel besteding aan al die belangrikste kategorieë van verbruikersgoedere en -dienste bygedra het tot dié hoë koers van toename in huishoudings se verbruiksbesteding, het die besteding aan duursame en semi-duursame goedere skerp gestyg; die reële besteding aan hierdie kategorieë het in die derde kwartaal van 1994 onderskeidelik teen jaarkoerse van 4% en 4 persent toegeneem.

Afgesien van die bydrae wat hoë boerdery- en ander persoonlike inkomme gemaak het, is die hoë bestedingsvlakte van huishoudings gedurende die jongste maande ook beïnvloed deur die toename in verbruikers se bereidwilligheid om skuld aan te gaan. Die daling in verband- en ander rentekoerse van die hoë vlakte in 1991 tot September 1994, het die druk op die

### Reële bruto binnelandse besteding



### Totale reële bruto binnelandse vaste investering



beskikbare inkomse van huishoudings met skuld effens verlig. Na 'n duidelik afwaartse beweging oor 'n tydperk van drie jaar tot in die vierde kwartaal van 1993, het verbruikerskrediet in die eerste nege maande van 1994 begin styg. Dit wil voorkom asof verbruikersvertroue ietwat versterk het toe dit geblyk het dat ontwikkelings na die verkiesing betreklik vredesaam was.

Die koers van toename in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het afgeneem van jaarkoerse van 7 en  $1\frac{1}{2}$  persent in die eerste twee kwartale van 1994 tot bykans geen verandering in die derde kwartaal nie. Hierdie stadiger groei was die gevolg van 'n laer koers van toename in die reële vergoeding van werknekmers en 'n baie groter inkrimping in die koers van besteding aan ander goedere en dienste. Die lopende besteding deur die algemene owerheid was nietemin in die eerste nege maande van 1994 steeds bykans 4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1993.

Die opwaartse beweging in die totale reële bruto binnelandse vaste investering sedert die tweede kwartaal van 1993, is in die derde kwartaal van 1994 voortgesit. Die jongste ramings toon dat die totale reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste twee kwartale van 1994 teen jaarkoerse van  $3\frac{1}{2}$  en  $8\frac{1}{2}$  persent toegeneem het en in die derde kwartaal deur 'n verdere stijging van 7 persent gevolg is. Hierdie verbetering van die kapitaalvorming is veroorsaak deur 'n toename in die reële besteding aan kapitaaltoerusting deur die private sektor en openbare korporasies, wat 'n verdere daling in reële bruto binnelandse vaste investering deur openbare owerhede geneutraliseer het.


'n Indeling van die reële vaste investering deur die

private sektor volgens tipe ekonomiese bedrywigheid toon dat die verdere toename in die derde kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoerse van  $4\frac{1}{2}$  persent wydverspreid voorgekom het. Investering deur ondernemings in die landbou en mynbou het skerp gestyg en reële besteding aan private woongeboue het van 'n gemiddelde jaarkoers van  $1\frac{1}{2}$  persent in die eerste twee kwartale van 1994 tot 4 persent in die derde kwartaal versnel. Die regstreekse en onregstreekse invloed van die groot kapitaalprojekte wat tans aan die gang is, was in die derde kwartaal van 1994 ook verantwoordelik vir die verdere, maar aansienlik laer, toename in die kapitaalvorming van die fabriekswese; 'n toename teen 'n jaarkoers van slegs  $1\frac{1}{2}$  persent is aangeteken, vergeleke met onderskeidelik  $6\frac{1}{2}$  en  $8\frac{1}{2}$  persent in die tweede en eerste kwartaal.


Reële vaste kapitaalvorming deur die openbare korporasies in die eerste drie kwartale van 1994 was  $9\frac{1}{2}$  persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1993, hoofsaaklik vanweë 'n toename in die investering aan die elektrifisering van lae-inkome-woongebiede. In teenstelling hiermee, het die reële vaste investering deur die openbare owerhede in die eerste helfte van 1994 traag gebly en in die derde kwartaal verder teen 'n jaarkoerse van  $2\frac{1}{2}$  persent gedaal. 'n Vermindering in die investering van die provinsiale regerings het die toename in die kapitaalvorming van die sentrale regering en plaaslike owerhede oorskry.

Die opbouing van voorrade gedurende 1993 het in die derde kwartaal van 1994 merkbaar toegeneem. Voorrade teen konstante 1990-pryse het in die derde kwartaal van 1994 teen 'n jaarkoerse van R5,5 miljard toegeneem, teenoor R1,9 miljard in die tweede kwartaal en R2,0

## Verandering in reële voorrade



## Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



miljard in die eerste kwartaal van 1994. Hierdie aansienlike opbouing van voorrade in die derde kwartaal van 1994 het saamgeval met 'n aansienlike stygging in die fisiese omvang van goedere-invoer en weerspieël waarskynlik die spekulatiewe vraag na ingevoerde goedere as gevolg van 'n verwagte depresiasie van die rand. Die toename in voorraadvlakte in die derde kwartaal van 1994 het veral in die mynbou, die fabriekswese, die groothandel en die kleinhandel voorgekom. Die vlak van voorrade in die motorhandel, het egter skerp gedaal as gevolg van verskaffingsprobleme wat deur die motorbedryf ondervind is. Ondanks die opbou van voorrade, het die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk buite die landbou sedert die derde kwartaal van 1993 onveranderd op dievlak van 16 persent gebly.

### Faktorinkome

Die groei in die totale nominale faktorinkome teen markpryse oor 'n tydperk van twaalf maande het van 'n gemiddelde van 13½ persent in die eerste twee kwartale van 1994 tot 11 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Hierdie laer groeikoers kan aan 'n stadiger koers van toename in die bruto bedryfsurplus van sakeondernemings en die vergoeding van werknemers toegeskryf word. Die groei oor vier kwartale in arbeidsvergoeding in die derde kwartaal van 1994 het van 'n hersiene toename van 11 persent in die voorafgaande kwartaal tot 10½ persent verlangsaam. Vir die eerste nege maande van 1994 was die totale vergoeding van werknemers ongeveer 10½ persent hoër as in die

ooreenstemmende tydperk van 1993, dit wil sê vergoeding het teen ongeveer dieselfde koers as in 1993 in die geheel gestyg.

Die groei in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings, soos gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het afwaarts beweeg van 'n gemiddeld van 11 persent in die eerste helfte van 1994 tot ongeveer 9½ persent in die derde kwartaal. Hierdie stadiger groei kan hoofsaaklik aan 'n verswakkering in die winsgewendheid van die mynbou- en die handelsektor toegeskryf word. In die goudmynboubedryf is die hoër bedryfsinkomste deur stygende bedryfskoste teengewerk, terwyl die laer koers van toename in die bedryfsurpluses van die handelsektor hoofsaaklik die invloed van die staking in die motorvervaardigingsbedryf weerspieël, wat motorhandelaars met 'n ernstige tekort aan nuwe modelle gelaat het. As gevolg van 'n oplewing in die totale binnelandse vraag, die verbeterde ruiervoer en 'n sterk internasionale vraag na Suid-Afrikaanse goedere, het die groei in die bruto bedryfsurplus van die ander sektore in die derde kwartaal van 1994 ietwat gestyg.

### Binnelandse besparing

Die verhouding van die totale bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het in die derde kwartaal verder verswak tot 'nvlak van 16 persent;

in die eerste helfte van 1994 was die gemiddelde 17 persent. Die afname in die binnelandse besparingsverhouding het ontstaan as gevolg van 'n aansienlike styging in die binnelandse verbruiksbesteding wat die groei in die totale lopende inkomme van die ekonomie oorskry het.




Pogings van huishoudings om hul bestedingsvlakte te handhaaf of selfs te verhoog, ondanks traie inkomegroei en 'n stygende belastingglas, het onvermydelik tot laer besparing deur die huishouingsektor gelei. Die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkomme het gevoldig van 'n gemiddelde van 4½ persent in die eerste twee kwartale van 1994 tot ongeveer 3 persent in die derde kwartaal gekrimp. *Maatskappybesparing* het in die derde kwartaal min verandering teenoor die vorige kwartaal getoon, terwyl die *ontsparing deur die algemene owerheid* effens afgeneem het omdat die styging in belastinginkomste die styging in lopende besteding oorskry het. Netto ontsparing deur die algemene owerheid as persentasie van die bruto binnelandse produk het egter vir die eerste nege maande van 1994 op die hoë gemiddelde vlak van 5 persent gebly.

#### Werkverskaffing


Die wankelinge herstel van die ekonomiese bedrywigheid was nie in staat om die skerp afwaartse beweging in die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou om te keer nie. Die ekonomiese toestande wat oor die algemeen traag gebly het en die rasionalisatieprogramme wat deur sakeondernemings

ingestel is om koste te verminder, het veroorsaak dat die werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou in die eerste kwartaal van 1994 (die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is) skerp verder gedaal het. In hierdie kwartaal het die afname in die werkverskaffing van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers op 4,8 persent te staan gekom, vergeleke met die ooreenstemmende koers van afname van 1,2 en 1,5 persent in die derde en vierde kwartaal van 1993. Die totale aantal werkgeleenthede in die formele sektore het van die hoogtepunt in die tweede kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1994 met ongeveer 510 000 of 9,2 persent teruggesak. Dit het die werkverskaffing in die

#### Werkverskaffing in die nie-landbousektore



#### Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



formele sektore teruggebring tot naastenby die vlak wat aan die einde van 1980 geheers het.

Die laer vlakke van werkverskaffing in die eerste kwartaal van 1994 was hoofsaaklik te wyte aan personeelverminderinge in die *private sektor buite die landbou*. Die totale werkverskaffing in die private sektor (landbou uitgesonder) het in die derde kwartaal van 1989 begin afneem en daarna in elke daaropvolgende kwartaal, met die uitsondering van die eerste kwartaal van 1990, gedaal. In die eerste kwartaal van 1994 is skerp afnames in die werkverskaffing van die mynboubedryf, die konstruksiebedryf, die elektrisiteitsopwerkingsbedryf, die handelsektor en banke aangeteken. Beskikbare gegewens vir die tweede kwartaal van 1994 dui op verdere, hoewel oor die algemeen kleiner, verminderinge van personeel in die klein- en groothandel, banke en private padvervoer.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings in die private sektor, het die koers van afname in die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* effens verswak. Nadat die werkverskaffing deur die openbare owerhede in die eerste en tweede kwartaal van 1993 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 5,1 en 8,3 persent afgeneem het, het dit in die derde kwartaal van 1993 onveranderd gebly en in die vierde kwartaal van 1993 met 1,7 persent gestyg. Daarná het dit in die eerste kwartaal van 1994 egter weer teen 'n koers van 1,5 persent en in die tweede kwartaal met 0,6 persent afgeneem as gevolg van die privatisering van sommige landboubemarkingsrade en grootskaalse afdankings deur openbare korporasies.

Nieteenstaande die voortgesette daling in werkgeleenthede, het die seisoensaangesuiwerde totale aantal *geregistreerde werkloses* van 'n hoogtepunt van 335 000 in September 1993 tot 280 000 in Augustus 1994 afgeneem. Hierdie daling moet egter vergelyk word met die werkloosheidskoers wat van 18,5 persent in 1991 tot 29,0 persent in 1993 toegeneem het.

#### Arbeidskoste en produktiwiteit


Die koers van toename in die gemiddelde *nominale vergoeding per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het saam met die afname in ekonomiese bedrywigheid van die jongste hoogtepunt van 18,3 persent in 1989 tot 10,6 persent in 1993 verminder – die laagste toename sedert 1978. Soos in tabel 3 aangetoon word, het hierdie afwaartse neiging van die tweede helfte van 1992 betekenisvol versnel en het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salaris en lone per werker van 16,3 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 9,2 persent in die vierde kwartaal van 1993 en 9,5 persent in die eerste kwartaal van 1994 afgeneem. Hierdie stadiger groei in die salaris en lone is aangeteken in die vergoeding van personeel wat deur die private sektor sowel as die openbare owerhede in diens geneem is. In die tweede kwartaal van 1994 het die koers van toename oor vier kwartale in die vergoeding per werker van die openbare owerhede egter weer tot 20,6 persent gestyg.

**Tabel 3. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker**

Tydperk	Private sektor	Openbare owerhede	Totaal
1992: 2e kw (piek) .....	16,0	16,9	16,3
1993: 1e kw.....	12,8	13,5	13,1
2e kw .....	10,5	8,9	10,0
3e kw .....	10,6	9,6	10,2
4e kw .....	11,1	5,4	9,2
1994: 1e kw.....	9,7	8,9	9,5

Ondanks die stadiger groei in die gemiddelde nominale vergoeding per werker, het die *reële vergoeding per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou (soos gedefleer met die deflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) aanvanklik van 0,9 en 0,4 persent in 1989 en 1990 tot 1,9 persent in 1992 toegeneem. Die reële vergoeding per werker het eers in 1993 begin afneem; die gemiddelde koers van afname was 0,1 persent vir die jaar in die geheel. In die eerste kwartaal van 1994 het die koers van verandering oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker weer 'n positiewe 0,9 persent beloop teenoor 'n negatiewe vlak van 0,4 persent in die voorafgaande kwartaal. Onlangse eise vir loonstygings wat aansienlik bokant die inflasiekoers is, hou niks goeds in vir die reële loonkoste in die res van 1994 nie.

#### Arbeidsproduktiwiteit in die nie-landbousektore



**Tabel 4. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksie- en verbruikerspryse**  
Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	1993		1994	
	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
<b>Produksiepryse:</b>				
Binnelandse goedere.....	5,1	11,1	9,0	14,4
Ingevoerde goedere.....	-5,4	3,2	16,6	14,8
<b>Totaal .....</b>	<b>3,0</b>	<b>9,7</b>	<b>10,3</b>	<b>14,6</b>
<b>Verbruikerspryse:</b>				
Goedere .....	6,2	8,3	8,0	19,4
Dienste .....	1,2	6,8	6,7	16,0
<b>Totaal .....</b>	<b>5,3</b>	<b>9,2</b>	<b>6,7</b>	<b>15,7</b>

Die algemeen opwaartse neiging in reële lone het egter gepaardgegaan met hoër arbeidsproduktiwiteit. Die koers van toename in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het deurgaans versnel van 0,3 persent in 1990 tot 1,2 persent in 1992 en 3,1 persent in 1993. Aanvanklik was hierdie toename slegs aan die vermindering in werkverskaffing te danke, maar later het die reële bruto binnelandse produk ook toegeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële arbeidsproduktiwiteit het van 1,0 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 4,1 persent in die vierde kwartaal van 1993 en 4,7 persent in die eerste kwartaal van 1994 toegeneem.


Soos met die laer toenames in arbeidsvergoeding en 'n stijging in die arbeidsproduktiwiteit verwag kon word, het die koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* in die sektore van die ekonomie buite die landbou skerp afgeneem van 'n hoogtepunt van 16,9 persent in 1990 tot 7,3 persent in 1993. In die eerste kwartaal van 1994 het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste op slegs 4,6 persent te staan gekom. Die *reële arbeidseenheidskoste* (soos gedefleer met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het dus ook met 3,1 persent in 1993 en met 3,6 persent in die eerste kwartaal van 1994 teenoor die ooreenstemmende tydperk in 1993 gedaal.

#### Pryse

Ondanks die stadiger toename in nominale arbeidseenheidskoste, is die afwaartse neiging in die inflasiekoerse sedert 1991 in die eerste nege maande van 1994 omgekeer. Faktore soos die depresiasi van die rand, binnelandse aanbodskokke in die landbousektor, hoë inflasieverwagtings en 'n sterke groei in die geldvoorraad en binnelandse kredietverlening, het veroorsaak dat die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksie- en verbruikerspryse van die begin van 1994 skerp versnel het. Hierdie koerse van toename het veral in die derde kwartaal van 1994 betekenisvol toegeneem. (Sien tabel 4)

Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het die koers van toename in sowel die produksieprysindeks as die verbruikersprysindeks in April 1994 'n onderste draapunt bereik. Die toename in die *omvattende produksieprysindeks* het van 6,2 persent in April 1994 tot 10,1 persent in September versnel. Hierdie toename was veral die resultaat van groot stygings in die prys van landbouprodukte wat van 6,5 persent in Februarie 1994 tot 18,8 persent in September versnel het vanweë 'n daling in die aanbod van landbougoedere wat verband gehou het met faktore soos die heropbou van kuddes deur veeboere ná die verbetering van weidingstoestande en die rypskade wat aan die vrugte- en groenteproduksie aangerig is. Sedert die tweede kwartaal van 1994 het die

#### Produksiepryse



swakker wisselkoers van die rand en die stygende prys van ingevoerde ruolie ook tot die opwaartse druk op produksiepryse bygedra. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van ingevoerde goedere het dus van 'n lae 2,7 persent in Maart 1994 tot 8,7 persent in September gestyg.

'n Soortgelyke styging is in die verbruikerspryse, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, waargeneem. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die verbruikersprysindeks het van 7,1 persent in April 1994 tot 10,1 persent in September toegeneem. Hoewel die pryse van goedere sowel as dienste bygedra het tot hierdie opwaartse beweging in verbruikerspryse, het die koers van toename in die pryse van goedere met 4,8 persentasiepunte van 6,8 persent in April 1994 tot 11,6 persent in September toegeneem, terwyl die koers van toename in die pryse van dienste met slegs 1,4 persentasiepunte gestyg het van 7,4 persent in Mei 1994 tot 8,8 persent in September.

In die besonder was die pryse van voedsel vir die versnelling in die verbruikerspryse verantwoordelik. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van voedsel het van 'n lae 2,4 persent in September 1993 tot 8,8 persent in April 1994 versnel en daarna tot 'n vlak van 21,9 persent in September 1994 gestyg. Die styging in vleispryse het meer as vervierdubbel van 7,2 persent in September 1993 tot 34,7 persent in September 1994, terwyl die koers van toename in die pryse van groente die hoogte ingeskiet het van 8,1 persent in April 1994 tot 51,5 persent in September. Indien die bewegings in die pryse van voedsel en nie-alkoholiese drank buite rekening gelaat word, het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die ander verbruikerspryse betreklik bestendig

gebly en slegs effens gestyg van 6,4 persent in Mei en Junie 1994 tot 7,1 persent in September.

## Verbruikerspryse



## Buitelandse handel en betalings

### Betalingsbalans op lopende rekening

Ondanks die betreklike swak oplewing in ekonomiese bedrywigheid, het die *lopende rekening van die betalingsbalans* in die derde kwartaal van 1994 aansienlik verswak. Die saldo op die lopende rekening (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het van 'n steeds redelik hoë gemiddelde kwartaallikse oorskot van R2,5 miljard in die eerste helfte van 1994 tot 'n tekort van nie minder nie as R4,8 miljard in die derde kwartaal omgeswaai. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het hierdie tekort 1,1 persent beloop.

Die verandering na 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het hoofsaaklik verband gehou met die voortgesette sterk stygging in die waarde van die goedere-invoer, wat matige toenames in die waarde van die goedere-uitvoer en netto gouduitvoer oortref het. Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners, wat in die tweede kwartaal van 1994 aansienlik gedaal het, het boonop in die derde kwartaal weer gestyg.

Die waarde van Suid-Afrika se *goedere-invoer* teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het van R71,4 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot R82,3 miljard in die derde kwartaal, of met bykans 15½ persent, gestyg. Hierdie stygging het die waarde van die goedere-invoer in



die eerste nege maande van 1994 verhoog tot 'n vlak wat ongeveer 26 persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Hoewel die verdere skerp toename in die goedere-invoer taamlik wydverspreid voorgekom het, is groot toenames in die kategorie vir vervaardigde invoere aangeteken; meer in die besonder in die invoer van chemiese produktes, tekstiele, masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting.

Soos in tabel 5 aangetoon word, was die aansienlike toename in die waarde van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1994 hoofsaaklik te wye aan 'n ooreenstemmende sterk stygging in die hoeveelhede van die invoer wat gedeeltelik die hoër vlak van die ekonomiese bedrywigheid en kapitaalbesteding op groot kapitaal-intensiewe projekte weerspieël het. Belangriker nog, was die skerp stygging in die hoeveelhede van die goedere-invoer ook die gevolg van spekulatiewe vooruitaankope in afwagting van 'n verdere depresiasie van die rand; dit is bevestig deur 'n sterk stygging in nywerheids- en handelsvoorraad. Die depresiasie van die rand, stygende internasionale oliepryse en matige prystoename in handelsvennootlande het veroorsaak dat die pryse van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1994 matig gestyg het.

Die aansienlik hoër waarde van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1994 het met slegs 'n matige stygging in die *goedere-uitvoer* gepaardgegaan. Hierdie verrassende swak uitvoervertoring teen die agtergrond van 'n betreklik vinnige ekonomiese herstel in die res van die wêreld is skynbaar deur spesiale omstandighede meegebring. Die uitvoer van vervoertoerusting het in die derde kwartaal van 1994 aansienlik gedaal, grotendeels as gevolg van die uitgerekte staking in die motorvervaardiging en verwante nywerhede. Diamantuitvoere is ook in hierdie tydperk ontwrig deur groot internasionale verkope deur Rusland.

Die fisiese omvang van die goedere-uitvoer het gevoldig teen 'n baie stadiger koers as die stygging in die

### Betalingsbalans: Lopende rekening




Tabel 5. Goedere-invoer en -uitvoer

Kwartaallikse persentasieverandering  
seisoensaangesuiwerde gegewens

	1994		
	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-invoer			
Waarde.....	0,8	8,7	15,3
Prys.....	0,7	3,6	3,4
Hoeveelhede.....	0,3	4,9	11,5
Goedere-uitvoer			
Waarde.....	-4,4	5,5	6,2
Prys.....	2,1	3,9	2,5
Hoeveelhede.....	-6,4	1,6	3,6

## Goedere-invoer



wêreldhandel toegeneem. Ondanks die verdere stygging in internasionale grondstofpryse en 'n daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand, het die prys van die goedere-uitvoer van die tweede tot die derde kwartaal van 1994 met slegs  $2\frac{1}{2}$  persent gestyg. Hierdie matige toename in uitvoerpryse is skynbaar die gevolg daarvan dat 'n betekenisvolle deel van Suid-Afrika se uitvoer teen kontrakpryse verkoop word, wat eers met verloop van tyd op hoër internasionale grondstofpryse reageer.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R23,2 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot R24,8 miljard in die derde kwartaal, of met 7 persent, toegeneem. Hierdie toename kan bykans ten volle toegeskryf word aan 'n toename in die hoeveelhede van die uitvoer wat in die voorafgaande kwartaal nadelig geraak is deur stakings en bykomende openbare vakansiedae. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het slegs effens van VSA\$382 per fyn ons in die tweede kwartaal van 1994 tot \$386 per fyn ons in die derde kwartaal gestyg. In randterme het die gemiddelde vasstellingsprys van goud per fyn ons oor dieselfde tydperk van R1 380 tot R1 391 gestyg.


*Netto dienste- en oordragbetelings* aan nie-inwoners (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat van R15,9 miljard in die eerste kwartaal van 1994 tot R13,8 miljard in die tweede kwartaal afgeneem het, het in die derde kwartaal van 1994 weer tot R15,9 miljard gestyg. Hierdie betekenisvol hoër netto betelings was die netto resultaat van 'n toename van R2,3 miljard in

betalings vir dienste en 'n toename van R0,2 miljard in ontvangste vir dienste. Meer bepaald is die groter tekort op die diensterekkening in die derde kwartaal meegebring deur hoër betelings vir vrag en verskering vanweë die toename in die waarde van die invoer en hoër rentebetelings as gevolg van die skerp toename in die benutting van buitelandse kredietfasiliteite.

## Kapitaalbewegings

'n Dramatiese ommekeer het gedurende die derde kwartaal van 1994 in die kapitaalrekening van die betelingsbalans plaasgevind. Nadat daar in 1993 deurgaans groot netto uitwaartse bewegings van kapitaal voorgekom het, welke bewegings matig van 'n hersiene syfer van R7,7 miljard in die tweede helfte van 1993 tot R3,7 miljard in die eerste helfte van 1994 verbeter het, is 'n netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie van nie minder nie as R5,6 miljard in die derde

## Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie



kwartaal van 1994 aangeteken. Hierdie aansienlike ommekeer in die kapitaalrekening het skynbaar voorgekom nadat dit begin duidelik word het dat die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika op 'n betreklik vreedsame wyse sou geskied. Die netto uitvloeiing van kapitaal het hoofsaaklik bestaan uit korttermynfondse nie verwant aan reserwes nie, dit wil sê laste en bates met 'n oorspronklike looptyd van minder as een jaar. Langertermynprojekfinansiering vanaf die buiteland aan Suid-Afrika het egter ook meer geredelik beskikbaar geword.

Die netto beweging van *korttermynkapitaal* nie verwant aan reserwes nie (maar foute en onaangetekende transaksies ingesluit) het van 'n netto uitvloeiing van R1,0 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot 'n netto invloeiing van R5,2 miljard in die derde kwartaal omgeswaai. Hierdie aansienlike invloeiing van kapitaal het oorwegend verband gehou met die betreklik gunstige koste en die beskikbaarheid van buitelandse handelsfinansiering (veral Euro-dollar finansiering) en 'n verdere betekenisvolle toename in die buitelandse laste van die private banke. Betreklike stram binnelandse geldmarktoestande het banke genoop om buitelandse korttermynfinansiering te bekom, terwyl die styging in die goedere-invoer die deurlening van buitelandse fondse aan kliënte bevorder het. In die eerste nege maande van 1994 het die buitelandse korttermynlaste van private banke in Suid-Afrika gevoldig met nie minder nie as R6,9 miljard toegeneem; hierdie laste het in 1993 met R3,3 miljard gekrimp. Die betreklike swak vertoning van die VSA-dollar internasional het boonop ook 'n invloeiing van korttermynkapitaal via termyndekkingstransaksies in derde geldeenheid meegebring.

Die netto beweging van *langtermynkapitaal* het ook

omgeswaai van 'n netto uitvloeiing van R1,6 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot 'n netto invloeiing van R433 miljoen in die derde kwartaal. Hierdie aansienlike verbetering het voorgekom ondanks die terugbetaling van R473 miljoen op die sogenaamde geaffekteerde skuld ingevolge die finale skuldooreenkomste met buitelandse krediteurbanke, R524 miljoen op geaffekteerde skuld wat na langtermynlenings buite die stilstandnet omgeskakel is en R380 miljoen wat deur agente van buitelandse regerings gewaarborg is en wat verval het.

Die aankope van staatseffekte en die effekte van openbare owerhede het veroorsaak dat die netto uitvloeiing van kapitaal vanaf die openbare owerhede en openbare korporasies van R0,3 miljard in die tweede kwartaal van 1994 na 'n netto invloeiing van R0,8 miljard in die derde kwartaal verander het. Oor dieselfde typerk het die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die nie-monetêre private sektor van R1,0 miljard tot slegs R37 miljoen gedaal. Hierdie verbetering in die vloeiing van kapitaal na die private sektor was te danke aan 'n daling in die netto verkope deur nie-inwoners van sekuriteite wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is van R1,2 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot slegs R23 miljoen in die derde kwartaal; hierdie transaksies het deur die finansielerand-meganisme plaasgevind en gevoldiglik nie die buitelandse reserwes van die land beïnvloed nie.

#### Buitelandse reserwes


Die aansienlike verbetering in die kapitaalrekening van die betalingsbalans het vir die tekort op die lopende rekening vergoed en was verantwoordelik vir 'n toename van R3,3 miljard in die *netto goud- en ander buitelandse reserwes*.

**Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie**

R miljoene

	1993		1994	
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
<b>Langtermynkapitaal</b>				
Openbare owerhede.....	-1 317	-1 064	-92	458
Openbare korporasies.....	-1 569	-1 426	-187	369
Private sektor .....	2 614	809	-1 368	-394
<b>Totale langtermynkapitaal.....</b>	<b>-272</b>	<b>-1 681</b>	<b>-1 647</b>	<b>433</b>
<b>Korttermynkapitaal</b>				
Monetêre sektor .....	-3 309	2 254	1 327	3 321
Ander, insluitende onaangetekende transaksies	-11 440	-1 682	-2 285	1 830
<b>Totale kapitaalbewegings, uitgesonderd laste verwant aan reserwes .....</b>	<b>-15 021</b>	<b>-1 109</b>	<b>-2 605</b>	<b>5 584</b>

## Buitelandse reserwes



derde kwartaal van 1994 toegeneem van R9,7 miljard aan die einde van Junie tot R11,0 miljard aan die einde van September. Op hierdie jongste vlak was die bruto reserwes gelykstaande aan die waarde van ongeveer 5 weke se invoer van goedere en dienste. In Oktober 1994 het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R0,9 miljard gestyg. Die hoër buitelandse reserwes van die Reserwebank het hoofsaaklik uit buitelandse valuta bestaan, terwyl die goudreserwes van die Bank van 4,2 miljoen fyn onse aan die einde van Junie 1994 tot 3,6 miljoen fyn onse aan die einde van Oktober gedaal het.

## Wisselkoerse

Vanweë die sterker algehele betalingsbalansposisie en die swakker vertoning van die VSA-dollar in internasionale valutamarkte, het die nominale effektiwe wisselkoers van die rand van 13 Julie tot 21 November 1994 met 3,9 persent gestyg. Hierdie stying volg op 'n tydperk waarin die geldeenheid gedepresieer het; die nominale effektiwe wisselkoers van die rand het gevoldig vanaf die einde van Desember 1993 tot 21 November 1994, per saldo, steeds met 8,6 persent gedaal, terwyl die reële effektiwe wisselkoers van die rand gedurende die eerste nege maande van 1994 met ongeveer 3 persent gekrimp het.

Skerp afnames is gedurende die eerste elf maande van 1994 in die wisselkoerse van die rand teenoor die meeste van die vernaamste geldeenhede aangeteken, met die merkbare uitsondering van die VSA-dollar. Vanweë die verswakkking van die VSA-dollar na die middel van die jaar, het die rand vanaf die einde van Desember 1993 tot 21 November 1994 met slegs 4,1 persent teenoor die VSA-dollar gedepresieer. Die depresiasi van die rand teenoor die ander belangrike geldeenhede het oor dieselfde tydperk met tussen 9% en 15% persent gewissel.

Verwagtings en grootskaalse spekulasié oor die moontlike afskaffing van valutabeheer op nie-inwoners het geleid tot 'n voortgesette verbetering in die wisselkoers van die *finansiële rand* van 'n algehele laagtepunt van R5,58 per dollar op 11 April 1994 tot 'n hoogtepunt van

in die derde kwartaal van 1994. Hierdie toename het gevolg op dalings in die totale netto buitelandse reserwes van R9,2 miljard gedurende 1993 en R3,2 miljard in die eerste helfte van 1994. In Oktober 1994 het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank verder met nie minder nie as R2,4 miljard gestyg. Die groot verbetering in die algehele betalingsbalansposisie het die Reserwebank in staat gestel om sy buitelandse korttermynlaste verwant aan reserwes van 'n boonste perk van R8,5 miljard op 10 Mei 1994 tot R3,6 miljard aan die einde van Oktober 1994 te verminder.


Ondanks die aflossing van die lenings verwant aan reserwes, het Suid-Afrika se totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* steeds met R1,3 miljard in die

**Tabel 7. Veranderings in die wisselkoerse van die rand**

Persent

	31 Des 1993 tot 31 Mar 1994	31 Mar 1994 tot 30 Jun 1994	30 Jun 1994 tot 13 Jul 1994	13 Jul 1994 tot 21 Nov 1994	31 Des 1993 tot 21 Nov 1994
Geweegde gemiddelde .....	-4,1	-6,9	-1,5	3,9	-8,6
VSA-dollar .....	-2,1	-4,9	-0,1	3,2	-4,1
Britse pond .....	-2,6	-8,2	-1,9	3,0	-9,6
Duitse mark .....	-5,8	-9,3	-3,8	5,0	-13,6
Japanse yen .....	-10,2	-8,2	-1,6	4,4	-15,4
Nederlandse gulden .....	-5,4	-9,5	-3,8	5,0	-13,5
Italiaanse lira .....	-7,9	-6,6	-4,1	8,8	-10,2

## Wisselkoerse



R3,92 per dollar op 21 Oktober 1994. Namate dit duidelik geword het dat die owerhede nie van voorneme is om die finansiële rand op te hef alvorens aan 'n aantal voorwaardes voldoen is nie, het die wisselkoers van die finansiële rand weer geleidelik tot R4,11 per dollar op 21 November 1994 verswak. Die diskonto op die finansiële rand, wat van 35,7 persent op 11 April 1994 tot 10,2 persent op 21 Oktober vernou het, het weer tot 13,8 persent op 21 November 1994 verbreed.


## Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finansiële markte

### Geldvoorraad

Die koers van toename in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3)* oor tydperke van twaalf maande, wat in die eerste sewe maande van 1994 vinnig toegeneem het, het gedurende die res van die derde kwartaal van 1994 matig afgeneem. Hierdie koers het van 'n betreklik lae vlak van 1,9 persent in Julie 1993 en 7,0 persent in Desember 1993 tot 'n hoogtepunt van 16,9 persent in Julie 1994 gestyg, voordat dit in September tot 14,3 persent teruggesak het. As gevolg van hierdie relatief vinnige koers van toename het die maandelikse waardes van M3 in 1994 tot op datum die boonste perk van die riglyngrens van 6-9 persent wat vir die jaar gestel is, merkbaar oorskry. Die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 het aan die einde van September 1994 R232 miljard beloop, of 3,8 persent meer as die ooreenstemmende waarde van die boonste perk van die riglyngrens.

Die vinnige groei in die geldvoorraad gedurende 1994 het deels verband gehou met die versnelling in die groei van verbruiksbesteding, investering en voorraadopbouing. Dit is ook in 'n groot mate teweeggebring deur die verbetering in die kontantvloeipositisie van sakeondernemings as gevolg van 'n verbetering in die winste van maatskappye en 'n afname in regeringsdeposito's wat gedurende 1993 by die monetêre sektor opgebou is. Die

### Riglyne vir groei in M3



**Tabel 8. Groeikoers in monetêre totale oor twaalf maande**

Percent

	M1A	M1	M2	M3
Desember 1993.....	16,6	6,7	3,9	7,0
Maart 1994.....	25,7	19,4	13,6	12,3
Junie 1994 .....	25,1	28,2	17,4	15,0
Julie 1994.....	28,2	32,7	19,5	16,9
Augustus 1994 .....	24,4	26,7	19,6	15,1
September 1994 .....	28,8	26,1	18,5	14,3

private sektor se likwiditeitsvoordeur het terselfdertyd gestyg, onder andere as gevolg van politieke onsekerheid, verwagte veranderings in rentekoerse en in afwagting van groot aanpassings in die aandele- en effekemarkte.

Hierdie faktore het nie net 'n toename in die totale depositobesit veroorsaak nie, maar ook 'n duidelike voorkeur vir korttermyndeposito's by monetêre instellings. Soos in tabel 8 gesien kan word, het die koers van toename in die *enger gedefinieerde monetêre totale* teen 'n baie vinniger tempo as die koers van toename in M3 gestyg. Ondanks die aantreklike rentekoerse wat op sommige langtermyndeposito's aangebied is, het beleggers se besit aan hierdie soort deposito's in die eerste nege maande van 1994 in absolute terme 'n duidelike afwaartse beweging getoon.


Die hoë likwiditeitsvoordeur van die private sektor vir depositobeleggings word ook in die afname in die *inkome-omloopsnelheid* van M3 weerspieël. Ongeag die betreklike groot gapings tussen banke se deposito- en uitleenkoerse (wat gewoonlik vir disintermediasieprakteke bevorderlik is), het die inkome-omloopsnelheid van M3 van die derde kwartaal van 1993 tot die derde kwartaal van 1994 met 3,8 persent afgeneem.

Die *vernaamste teenhangers* (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R21,2 miljard in M3 gedurende die eerste nege maande van 1994 was 'n toename in die monetêre instellings se eise teen die private sektor en in die netto eise teen die regeringsektor. Dit is in 'n mate deur afnames in die netto buitelandse bates en in die sogenaamde "netto ander bates en laste" teengewerk.

#### Kredietverlening

Die koers van toename in *totale binnelandse kredietverlening* deur monetêre instellings, wat skerp toegeneem het van 9,6 persent in Desember tot 24,2 persent in Mei 1994, het effens gekrimp, maar op 'n steeds hoë vlak van 22,2 persent in September 1994 gebly. Die hoë koers van kredietverlening in die eerste nege maande van 1994 was die gevolg van 'n skerp stynging in die kredietverlening aan die nie-bank private sektor sowel as in die monetêre sektor se netto eise teen die regering. Die uitreiking van spesiale staatseffekte van

#### Kredietverlening deur monetêre instellings



R7,5 miljard aan die Reservewebank ter gedeeltelike delging deur die regering van die uitstaande saldo op die Goud- en buitelandsevalutagebeurlikheidsreservewrekening in Maart 1994, het die styng in bankkrediet aan die regering verwing; hierdie effekte-uitreiking het 'n verskuiwing in die statistiese teenhangers van M3 van veranderings in "netto ander bates en laste" na veranderings in netto eise teen die regeringsektor veroorsaak, sonder dat enige fondse in werklikheid na die regering gevloei het. Selfs as hierdie transaksie verontgaam sou word, was daar in die eerste nege maande van 1994 steeds 'n skerp styng in die monetêre instellings se netto eise teen die regering.

Die koers van toename oor twaalf maande in *binnelandse kredietverlening aan die nie-bank private sektor* deur monetêre instellings het van 9,7 persent in Desember 1993 tot 15,3 persent in September 1994 gestyg. Vergeleke met ander tydperke van ekonomiese herstel, het kredietverlening aan die private sektor min of meer 'n normale konjunkturele patroon gevolg, hoewel dit redelik vinnig op die opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid gereageer het. Die groeikoers in kredietverlening was ook ruim bo die koers van verbruikersprysinflasie wat op 'n styng in reële kredietverlening aan die private sektor duif.

Die voortgesette hoë vlak van kredietverlening aan die private sektor in die derde kwartaal van 1994 was hoofsaaklik te wyte aan kredietverlening aan die private sakesektor. Gemaat oor 'n tydperk van twaalf maande het die groeikoers in kredietverlening aan die private sakesektor van 15,1 persent in Junie 1994 tot 18,3

persent in September 1994 toegeneem. Hierdie volgehoue hoë vlak van kredietverlening het nie alleen die opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid weerspieël nie, maar ook die stygende vaste koste verwant aan die ophoping van voorrade. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename in bankkredietverlening aan huishoudings oor 'n tydperk van twaalf maande van 14,6 persent in Junie 1994 tot 12,9 persent in September teruggesak, wat waarskynlik die verwagte laer loon- en salarisverhogings en vrees vir toekomstige belastingtoenames en opwaartse rentekoersaanpassings weerspieël het.

'n Ontleding volgens soort krediet van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor toon dat die R33,8 miljard toename in totale kredietverlening oor die twaalf maande tot September 1994 hoofsaaklik aan toenames van R15,5 miljard in verbandvoorskotte, R5,4 miljard in afbetalingsverkoopkrediet en R9,5 miljard in oortrokke rekeninge en ander lenings en voorskotte toegeskryf kon word.


Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het dwarsdeur die eerste nege maande van 1994 op 'nvlak van ongeveer 17 persent gebly, ondanks die feit dat die banke, met hul aankondiging dat hulle nie langer bereid is om regskoste by die hoofbedrag van die verbandlening in te sluit nie, in die derde kwartaal van 1994 begin het om die aktiewe bevordering van hierdie soort kredietverlening af te skaal. Die buigsaamheid van die verbandskemas en die vergelykenderwys lae rentekoerse wat op hierdie voorskotte gehef is, het hul gewildheid by die publiek verseker.

Voertuigfinansieringskemas deur banke teen spesiale koerse en stygende motorverkope het tot die versnelling in die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in afbetalingsverkoopkrediet van 18,0 persent in Desember 1993 tot 23,5 persent in Junie 1994 en 24,7 persent in September bygedra. Die groeikoers oor twaalf maande in bruikhuurfinansiering, wat ietwat gestyg het van 6,8 persent in Desember 1993 tot 8,4 persent in Junie 1994, het tot 5,9 persent in September afgeneem. Die ooreenstemmende groeikoers in oortrokke rekeninge en ander lenings en voorskotte het 'n soortgelyke verloop getoon: dit het aanvanklik van 8,4 persent in Desember 1993 tot 13,4 persent in Julie 1994 toegeneem en toe effens tot 12,4 persent in September afgeneem.

### Rente- en opbrengskoerse

Sedert Februarie 1994 het rente- en opbrengskoerse in Suid-Afrika voortgegaan om oor die volle looptyd-spektrum opwaarts te beweeg. Die vorm van die opbrengskoerskromme het nienteenstaande die toename van een persentasiepunt in Bankkoers tot 13 persent op 26 September 1994, in die daaropvolgende maand min of meer onveranderd gebly; die opwaartse helling van die opbrengskoerskromme het derhalwe steil vir waardepapier met 'n looptyd van een tot ses jaar en betreklik gelyk oor die res van die aflossingstruktuur gebly. Hierdie opbrengskoerskromme dui steeds op

### Opbrengskoerskrommes




verwagtings van verdere opwaartse aanpassings in korttermynrentekoerse en 'n styling in die inflasiekoers.

Nadat geldmarkrentekoerse van Februarie tot Mei 1994 verstewig het, het dit in die daaropvolgende drie maande ietwat versag. Dit word duidelik in die koers op interbankdaggoed weerspieël wat van 9,50 persent aan die einde van Februarie 1994 tot 11,00 persent aan die einde van Mei toegeneem het voordat dit weer tot 9,75 persent aan die einde van Augustus afgeneem het. Geldmarkrentekoerse het egter onmiddellik op die hoë Bankkoers gereageer en die koers op interbankdaggoed het tot 10,75 persent aan die einde van September en tot 11,00 persent aan die einde van Oktober toegeneem. Die ander geldmarkrentekoerse het min of meer soortgelyke veranderings oor hierdie tydperk getoon.

Kapitaalmarkkoerse het ook redelik sterk op die toename in Bankkoers gereageer. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het skerp verder toegeneem van 16,32 persent net voor die aankondiging van die verandering in Bankkoers, tot 16,74 persent na die verhoging; teen die einde van Oktober 1994 het hierdie opbrengskoers 16,7 persent bedra. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte was in Oktober 1994 4,7 persentasiepunte hoër as in Januarie 1994. Die sterk opwaartse druk op binnelandse langtermynneffektekoste gedurende die eerste tien maande van 1994 is veroorsaak deur faktore soos onsekerhede oor politieke ontwikkelings, die besorgdheid oor die regering se groot finansieringsbehoeftes en toenemende vrees oor die binnelandse inflasie. Die reële koerse op langtermynstaatseffekte (dit wil sê nominale

## Korttermynrentekoerse



Selfs ná die toename in Bankkoers is die huidigevlak van die reële primakoers op oortrekkings van die banke aansienlik laer as dievlak van 7,7 persent in April 1994.

Die banke se koers op deposito's van twaalf maande is ook opwaarts met een persentasiepunt tot 11,5 persent in September 1994 aangepas. In 'n aggressiewe poging om langertermyndeposito's te verkry het sekere banke hul koers op deposito's van twaalf maande verder tot tussen 12,0 en 12,25 persent in Oktober 1994 verhoog. Sekere banke het ook baie gunstige koerse op vaste deposito's van vyf jaar aangebied, wat progressief tot 19,5 persent gedurende die finale jaar van die deposito toeneem en wat gemiddeld 15% persent per jaar beloop.

## Geldmark

Die betreklike stram geldmarktoestande wat in die eerste ses maande van 1994 voorgekom het, het in die derde kwartaal aansienlik verruim. Akkommadasie op maandeindes het van R6,5 miljard aan die einde van Junie 1994 tot R3,3 miljard aan die einde van Augustus 1994 gekrimp voordat dit weer tot R3,9 miljard aan die einde van September 1994 toegeneem het. In Oktober het die akkommadasie wat deur die Reserwebank aan die geldmark verleen word verder tot R4,7 miljard aan die einde van die maand gestyg. Die gemiddelde daagliks vlak van akkommadasie wat deur die Reserwebank verleen word, het aanvanklik ook aansienlik van 'n hoogtepunt van R5,5 miljard in Mei 1994 tot R2,5 miljard in September afgeneem en weer effens tot R2,7 miljard in Oktober 1994 toegeneem.

Soos in tabel 9 getoon word, is die betreklike ruimer geldmarktoestande sedert Julie 1994 hoofsaaklik deur 'n toename in die netto buitelandse bates van die Reserwebank veroorsaak. In die derde kwartaal van 1994 het 'n afname in regeringsdeposito's by die Bank ook hierdie ruimer toestande ondersteun; gedurende Oktober 1994 het regeringsdeposito's by die Reserwebank egter weer skerp toegeneem.

Nadat die Reserwebank se optrede in die geldmark oor die algemeen gedurende die eerste sewe maande

koerse soos aangepas met die huidige inflasiekous (oor twaalf maande) het ook dienooreenkomsdig toegeneem, naamlik van 2,1 persent in Januarie 1994 tot 6,5 persent in Junie 1994, maar het daarna in September ietwat tot 6,1 persent gekrimp met die verbetering van die land se buitelandse reserwes.


Die banke se primakoers op oortrekkings is na aanleiding van die verhoging in Bankkoers op 26 September 1994 met een persentasiepunt tot 16,25 persent verhoog. As gevolg van die versnelling in die inflasiekous, het die reële of inflasie-aangepaste primakoers op oortrekkings van banke net effens van 5,4 persent in Augustus 1994 tot 5,5 persent in September gestyg.

Tabel 9. Geldmarktoestande


R miljoene

	1994			
	1e kw	2e kw	3e kw	Oktober
Akkommadasie – begin van tydperk .....	-5 778	-5 314	-6 506	-3 929
Verandering in:				
Note en munte (toename -) .....	-1 341	41	-369	-192
Netto buitelandse bates.....	124	-378	3 379	1 494
Regeringsdeposito's by SARB (toename -) .....	3 416	-1 435	1 415	-2 086
Netto ander bates van SARB en KOD .....	-1 735	580	-1 848	19
Akkommadasie – einde van tydperk .....	-5 314	-6 506	-3 929	-4 694

### Akkommodasie by die diskontovenster



### Effektebeurstransaksies



van 1994 neutraal was, het dit 'n netto vernouende uitwerking op likwiditeit gehad. In Augustus 1994 het die Bank spesiale skatkiswissels ter waarde van R1 miljard uitgereik om 'n bydrae te lewer tot die financiering van die tekort van die regering en om die verruimende uitwerking van aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's op geldmarktoestande teen te werk. Die veranderings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's het in die derde kwartaal van 1994 'n netto verruimende effek van R1,5 miljard gehad. Gedurende Oktober 1994 het die Reserwebank ook buitelandse valutaruittransaksies met die private sektor ter waarde van R1,8 miljard aangegaan ten einde likwiditeit uit die geldmark te onttrek.

### Effektemark

Netto nuwe lenings deur die openbare sektor in die *primêre effektemark* het aansienlik van R7,3 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot R4,1 miljard in die derde kwartaal gedaal. Dit het die nuwe uitgifte van effekte van die openbare sektor in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 op R11,4 miljard te staan gebring, vergeleke met R26,7 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

Die bedrywigheid in die *sekondêre effektemark* het in die derde kwartaal van 1994 baie lewendig gebly; die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het verder skerp toegeneem van 'n reeds høë vlak van R250 miljard in die tweede kwartaal van 1994 tot R295 miljard in die derde kwartaal. In Oktober 1994 het die handelsbedry-

wigheid van 'n algehele hoogtepunt van R115 miljard in September 1994 tot R81,1 miljard gedaal omdat die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte op heelwat hoër vlakke as aan die begin van die jaar gestabiliseer het en onsekerhede oor toekomstige veranderings geskep het. Die lewendige effektemarktoestande was groten-deels die gevolg van die aktiewe bevordering van die mark deur die Reserwebank, wat grootskaalse transaksies in staatseffekte asook opsies op staatseffekte onderneem het ten einde die likwiditeit te verhoog.

*Nie-inwoners* was in die eerste tien maande van 1994 netto aankopers van effekte van die openbare sektor ten bedrae van R1,0 miljard. Hoewel nie-inwoners se deelname in die effektemark relatief laag is op ongeveer 1 persent van die totale effekte wat verhandel is, het hulle steeds 'n belangrike invloed op prysbewegings in die mark uitgeoefen.

### Aandelemark

Die vraag na fondse in die *primêre aandelemark* het laag gebly en nuwe uitgifte van sekuriteite deur genoteerde maatskappye in die private sektor was onbeduidend. Hoewel omstandighede gedurende die eerste tien maande van 1994 gunstig gebly het vir aandelekapitaaluitgifte (langtermynkoerse het verstewig en aandelepryse het hoog gebly en selfs verder gestyg), het die waarde van regte-uitgifte van gewone aandele van genoteerde maatskappye skerp afgeneem van die vlakke wat gedurende 1993 bereik is. Dit kon in 'n groot mate toegeskryf word aan die wag-en-sien-houding wat maatskappye voor en na die verkiesing ingeneem het.

Ondanks 'n toename in vaste investering, het 'n aantal maatskappye steeds kapitaalprojekte uitgestel en hul besit aan kontant toegelaat om skerp toe te neem. Daar was egter aanduidings dat sommige maatskappye gedurende die laaste deel van die derde kwartaal van 1994 en die begin van die vierde kwartaal van rat begin verwissel het. 'n Paar maatskappye het ook hul bedrywigheide internasionaal uitgebrei en kapitaal op Europese markte deur omskepbare obligasie-uitgiftes betitel in dollar verky.

In die sekondêre aandeemark het die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, gedurende die derde kwartaal van 1994 op 'n betreklik hoë vlak van R17,6 miljard gebly, wat slegs effens laer as die algehele kwartaallikse rekordvlak van R20,7 miljard in die eerste kwartaal van 1994 was. Dit het die toename in die markomset op 87 persent vir die eerste drie kwartale van 1994 teenoor die ooreenstemmende tydperk van 1993 te staan gebring. Nienteenstaande 'n aansienlike stygging in aandelepryse, het die verhoogde bedrywigheid 'n toename veroorsaak in die verhouding van die waarde van aandele wat verhandel is tot markkapitalisasie van 6,3 persent vir die twaalf maande geëindig September 1993 tot 9,0 persent vir die twaalf maande geëindig September 1994.

*Nie-inwoners* het aktiewe deelnemers in die sekondêre aandeemark gebly. Volgens die totale waarde van aandele verhandel het nie-inwoners se bruto aankope van aandele ook toegeneem van 18,5 persent in die eerste kwartaal van 1992 tot 31,4 persent in die derde kwartaal van 1994. Hulle transaksies het egter in

**Tabel 10. Prysverdienste-verhoudings op opkomende markte**


Land	1992	1993
Argentinië .....	40,4	61,4
Maleisië .....	22,8	48,2
Taiwan .....	22,9	39,7
Singapoer .....	19,5	37,3
Thailand .....	16,3	26,1
Turkye .....	11,4	25,8
Hongkong .....	13,1	21,6
Chili .....	14,3	21,6
Griekeland .....	8,7	20,1
Mexiko .....	13,5	18,8
Suid-Korea .....	10,8	16,0
Suid-Afrika .....	12,9	14,8
Brasilië .....	8,5	9,2

die loop van die eerste nege maande van 1994 verander van netto aankope van aandele van R2,2 miljard in die eerste kwartaal, tot netto verkope van aandele ten bedrae van R1,2 miljard en R0,3 miljard in die volgende twee kwartale.

Die meeste van internasionale portefeuillebeleggers meen dat Suid-Afrika se aandeemark duur is in vergelyking met huidige groeivoortsigte. Die historiese hoë prysverdienste-verhouding en reële rentekoerse, die lae dividendopbrengskoers van slegs 2,18 persent in Oktober 1994, die lae vlak van likwiditeit in die aandeemark en die tweeledige geldstelsel word beskou as belangrike hindernisse in die weg van betekenisvolle verhoogde vlakke van nie-inwoners se aandelebelegging in Suid-Afrika. Soos egter in tabel 10 aangedui word, is die prysverdienste-verhouding van Suid-Afrikaanse aandele steeds betreklik laag in vergelyking met dié van die sogenaamde opkomende markte. Nog 'n positiewe faktor wat nie-inwoners se aankope van Suid-Afrikaanse aandele mag begunstig is dat Suid-Afrika nou in die sleutelindekse van die wêreldaandeemarkte ingesluit is en talle internasionale portefeuilles wat aan hierdie indekse gekoppel is, het tans slegs 'n klein of geen blystelling aan Suid-Afrikaanse aandele nie.

In die eerste nege maande van 1994 het die toename in aandelepryse in Suid-Afrika die van die meeste opkomende markte oortref. Die gemiddelde vlak van aandelepryse was in September 1994 nie minder nie as 52 persent bo die vlak van September 1993 en nie minder nie as 91 persent bo die onderste draaipunt van Oktober 1992. Die skerp opwaartse beweging in aandelepryse was gerugsteun deur die indrukwekkende vertoning van goudmyn- en finansiële mynaandele. Die ommeswaai in die goudprys en die toenemende onsekerheid oor die vooruitsigte vir die plaaslike aandeemark en die omvang van ekonomiese herstel in Suid-Afrika het egter daar toe gelei dat daar in Oktober 1994 'n regstelling van 2,5

### Effektebeurstransaksies



persent in die gemiddelde prysindeks van alle klasse van aandele was.


### Ander finansiële markte

Nadat die omset in die formele *mark vir afgeleide aandeleteermynkontrakte* gedurende die eerste kwartaal van 1994 'n rekordvlak van 1,2 miljoen kontrakte bereik het, het dit in die daaropvolgende twee kwartale effens tot 0,9 miljoen en 1,0 miljoen kontrakte onderskeidelik teruggesak. Handel in termynkontrakte in aandele-indeks is in die maande tot Oktober 1994 deur die wisselende goudprys, onsekerheid oor politieke ontwikkelings en toenemende betrokkenheid deur nie-inwoners bevorder. Nie-inwoners se deelname aan die formele mark het van 11 persent van die oop posisie in Januarie 1994 tot 16 persent in September 1994 toegeneem.

Aandeleteermynkontrakte het gedurende die eerste tien maande van 1994 deurgaans die verhandeling op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs oorheers en daar was min aanduidings van enige noemenswaardige beweging weg van aandeleteermynkontrakte na kontrakte wat op ander onderliggende instrumente soos vasterentekoerseffekte gebaseer is. Die aantal *opsies op indekstermynkontrakte* gedurende die eerste tien maande van 1994 was 178 persent bokant die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Die koers van toename van jaar tot jaar in die termynsowel as opsiekontrakte wat op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs verhandel is, het gedurende die loop van 1994 'n duidelik afwaartse beweging getoon en 'n steeds hoë vlak in Oktober 1994 gehandhaaf.

Soos reeds aangedui is, het die finansiering van die *verbandmark* in die eerste nege maande van 1994 op


### Transaksies in vaste eiendom



hoë vlakte gebly. Groter optimisme en vertroue in die toekoms van Suid-Afrika na die vreedsame politieke oorgang het tot 'n hoë vraag na sowel residensiële as kommersiële eiendom gelei. Die waarde van *transaksies in vaste eiendom*, wat in die tweede kwartaal van 1994 sywaarts beweeg het, het in die derde kwartaal skerp toegeneem met 16,9 persent tot R8,3 miljard.

Die gemiddelde *prys van residensiële eiendom* het teen die einde van die tweede kwartaal opmerklik begin verstewig en in die derde kwartaal skerp gestyg. Die gemiddelde prys van alle eiendomstransaksies was in die derde kwartaal ook 19,8 persent hoër as 'n jaar gelede. Hierdie prystoename is gunstig deur toenemende bekostigbaarheid beïnvloed, omdat die verbandkoers in die derde kwartaal van 1994 steeds ongeveer 0,4 persentasiepunte laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1993 was. Die banke het egter kort na die toename in die Bankkoers aangekondig dat hul oorheersende koers op verbandlenings met 1,0 persentasiepunt tot 16,25 persent verhoog gaan word vanaf 1 Oktober 1994 vir nuwe huislenings en vanaf 28 Oktober tot 1 November 1994 vir bestaande huislenings.

### Termynbeurstransaksies: deelname deur nie-inwoners



## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings) het van R9,7 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar (dit wil sê die tweede kwartaal van die kalenderjaar) tot R3,9 miljard in die tweede kwartaal van die fiskale jaar 1994/95 afgeneem. Dit het die totale leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1994/95 op R13,6 miljard, of op 6,3 persent van die bruto binnelandse produk, te staan gebring. In die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1993/94 het die leningsbehoefte van die openbare sektor R14,1 miljard, of 7,3 persent van die bruto binnelandse produk, bedra.

Die leningsbehoefte van die nie-finansiële openbare korporasies het van 'n klein tekort van R66 miljoen in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 tot 'n oorskot van R226 miljoen in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 omgekeer. Die tekort van die algemene owerheid het oor die ooreenstemmende tydperk van R14,1 miljard tot R13,8 miljard gekrimp. Soos in tabel 11 aangetoon word, het slegs die buitebegrotingsinstellings, provinsiale regerings en die plaaslike owerhede tot die laer leningsbehoefte van die algemene owerheid bygedra.

Die verbetering in die finansies van die algemene owerheid in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 kon toegeskryf word aan die feit dat die koers van toename van jaar tot jaar in die inkomste van die algemene owerheid van 18,0 persent die toename van 14,0 persent in die algemene owerheid se besteding oorskry het. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die besteding van die algemene owerheid

nogtans van 36,7 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 tot 37,3 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 toegeneem.


### Skatkisrekening

Uit die inligting vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 wil dit voorkom asof die regering in staat sal wees om sy doelwit te bereik om die tekort voor lenings en skuldaflossing te verminder soos dit in die Begroting in die vooruitsig gestel is. Skatkisuitreikings sowel as skatkisontvangste het egter vinniger gestyg as wat in die Begroting van Junie 1994 voorsien is.

Die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisuitreikings aan die staatsdepartemente (aangepas om kontantvloei te weerspieël) het in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 12,3 persent bedra, wat heelwat hoër is as die begrote voorsiening van 10,2 persent vir die jaar in die geheel. Hierdie koers van toename was egter aansienlik laer as die ooreenstemmende gemiddelde koers van toename van 17,4 persent in die eerste sewe maande van die voorafgaande vyf fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, was skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 gelyk aan 32,4 persent, wat hoër is as die 31,5 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Bowendien het hierdie reeds hoëvlak van uitgawes nie die beplande staatsuitgawes van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van R2,5 miljard ingesluit nie, waarvan R1,9 miljard reeds toegeken maar nog nie bestee is nie.

Skatkisontvangste (die opbrengs uit privatisering uitgesonder) was in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 16,6 persent bo die vlak in die eerste sewe maande van 1993/94, teenoor 'n begrote toename van slegs 12,9 persent vir die fiskale jaar in die geheel en die gemiddelde koers van toename van 14,3 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk




Tabel 11. Leningsbehoefte van die algemene owerheid


R miljoene

	Eerste helfte van fiskale jaar 1993/94	Eerste helfte van fiskale jaar 1994/95
Hoofbegroting .....	-14 509	-15 194
Buitebegrotingsinstellings .....	-944	-56
Bestaansbeveiligingsfondse.....	-42	-53
Sentrale regering .....	<b>-15 495</b>	<b>-15 303</b>
Provinsiale regerings.....	1 664	1 684
Plaaslike owerhede.....	-230	-170
Algemene owerheid.....	<b>-14 061</b>	<b>-13 789</b>

### Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



### Begrote en werklike staatsinkome



fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het skatkisontvangste van 23,6 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 tot 25,4 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 gestyg.

Die hoër-as-begrote koers van toename in die inkomste van die regering kan aan die skerp toename in binnelandse inkomste sowel as in die inkomste van doeane- en aksynsregte toegeskryf word. Binnelandse inkomste het beter presteer as wat in die Begroting voorsien is as gevolg van 'n skerper toename in nominale persoonlike inkomste as wat in die begrotingsramings gebruik is. Die koers van toename van jaar tot jaar van 7,0 persent in doeane- en aksynsregte in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95, vergeleke met 'n begrote toename van slegs 2,6 persent vir die fiskale jaar in die geheel, was die gevolg van die inkomste wat uit 'n wesenlike toename in die waarde van goedere-invoer voortgevloei het en wat die verlies aan inkomste as gevolg van die afskaffing van die bobelasting op alle kapitaal- en intermediere goedere sedert 23 Junie 1994 meer as geneutraliseer het.

Die netto gevolg van hierdie veranderings in inkomste en uitgawes in die eerste sewe maande van die fiskale

**Tabel 12. Finansiering van die skatkistekort in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95**


	R miljoene
Staatseffekte:	
Openbare Beleggingskommissaris .....	10 105
Monetêre instellings .....	3 076
Nie-monetêre instellings .....	8 121
Buitelandse sektor .....	-10
Diskonto .....	-7 395
<b>Totaal .....</b>	<b>13 897</b>
Skatkiswissels .....	401
Buitelandse lenings .....	-83
Nie-bemarkbare sekuriteite .....	-860
Geldmarkinstrumente .....	2
Afname in beskikbare kontantsaldo's .....	1 763
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>15 121</b>

jaar 1994/95 was 'n tekort voor lenings en skuldaflossing van R15,6 miljard op die skatkisrekening. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het hierdie tekort in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 7,0 persent bedra; 'n verhouding van 6,6 persent is vir die volle fiskale jaar voorsien en in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar is 'n verhouding van 7,8 persent aangeteken. Die tekort vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1994/95 het 53,5 persent van die begrote tekort vir die jaar in die geheel beloop, wat ook heelwat laer is as die gemiddelde verhouding van 63,9 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare.

Soos in tabel 12 aangetoon word, is die tekort vir die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 en die baie groot diskonto van R7,4 miljard op staatseffekte, hoofsaaklik deur die uitreiking van langtermynstaatseffekte gefinansier. Die grootste deel van hierdie staatseffekte is deur die Openbare Beleggingskommissaris en die nie-monetêre private sektor opgeneem. Vanweë die feit dat die owerheid effekte teen 'n aansienlik laer koeponkoers as die heersende markrentekoers uitrek, het die diskonto op staatseffekte toegeneem van 6,5 persent van die waarde van totale effekuitreikings in die fiskale jaar 1993/94 tot 34,7 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95. Indien die owerheid hierdie staatseffekte egter teen ongeveer die heersende markrentekoers uitgereik het, sou die hoër rentebetalings addisionele druk op die korttermynkontantvllei van die owerheid geplaas het; hierdie rentebetalings het in die eerste helfte van die fiskale jaar 1994/95 reeds 15,7 persent van die owerheidsbesteding beloop.

Die hoë diskonto hou egter die nadeel in dat meer effekte uitgegee moet word om die finansieringsbehoefte van die owerheid te bevredig, wat natuurlik tot 'n skerper

### Samestelling van die uitstaande staatskuld



toename in die *staatskuld* aanleiding gee. Die diskonto saam met die tekort was dus verantwoordelik vir 'n toename in staatskuld van R192,1 miljard of 48,6 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van Maart 1994, tot R228,4 miljard of 54,6 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van September 1994.

In 'n poging om 'n toename in die druk van die hoë rentekoste van die skuld op die owerheid se finansies te vermy, en om tegelykertyd aan die institusionele beleggers se voorkeur vir 'n kapitaalmarkinstrument met geldmarkkenmerke te voldoen, is 'n nuwe *wisselende-koers-effek* in Oktober 1994 bekend gestel. Hierdie effek het 'n looptyd van vier jaar en 'n koeponkoers wat kwartaalliks deur die heersende skatkiswisseltenderkoers plus 'n premie bepaal word. Op 10 November 1994 is ongeveer R1,9 miljard reeds met behulp van hierdie nuwe skuldinstrument verkry. Meer as die helfte van hierdie finansiering is egter deur die banke voorsien.

# Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

23 September 1994

Gedurende die afgelope ses maande het die groeikoers in sommige van die meer belangrike finansiële groothede wat deur die Reserwebank as aanwysers van die onderliggende inflasiedruk gebruik word, versnel tot vlakke wat nie onbepaald toegelaat kan word nie. Die monetêre owerhede kan nie regstellende optrede vir té lank uitstel nie aangesien die uiteindelike aanpassing om stabilitet te herstel ál pynliker word namate die markte verder van 'n ewewigstoestand weg beweeg.

Gedurende die twaalf maande tot Julie 1994 het die M3-geldvoorraad met 16,9 persent toegeneem wat heelwat hoër is as die riglyn van 6 tot 9 persent wat aan die begin van die jaar aangekondig is as 'n aanneemlike groeikoers vir M3 in 1994. Oor dieselfde tydperk van twaalf maande het die totale bankkrediet verleen aan beide die openbare en die private sektore met nie minder nie as 23 persent toegeneem. Die eise van die banksektor teenoor die private sektor het met 14 persent gestyg, wat heelwat hoër as die heersende inflasiekoers is.

Daar is toenemende bewys dat die hoër vlak van die geldvoorraad reeds begin het om tot die inflasionistiese uitwerking van die depresiasi van die rand vroeër vanjaar by te dra, en ook tot die voortgesette betreklik hoë koers van toename in lone en salaris, en 'n vinnig-stygende vlak van totale bruto binnelandse besteding. Dit is belangrik dat hierdie groeiende inflasionistiese druk nie deur 'n aanhoudende stygging in die geldvoorraad, geskep deur 'n oormatige uitbreiding in bankkrediet, geakkommodeer moet word nie.

'n Verdere gevarteken wat nie langer geignoreer kan word nie kom van die onverwagte groot toename in die totale invoer van goedere. Gemeet teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die totale invoere in Augustus 1994 bykans R90 miljard beloop, wat slegs R5 miljard minder was as die totale gesamentlike waarde van die goedere-uitvoere en die netto goudproduksie. Met 'n jaarlikse tekort van ongeveer R15 miljard ten opsigte van Suid-Afrika se netto betalings vir dienste aan die res van die wêreld, is die lopende rekening van die betalings-balans nou in 'n besliste tekort.

Die produksie- sowel as die verbruikersprysinflasie het ook gedurende onlangse maande sterk opwaarts beweeg. Oor die twaalf maande tot Julie 1994 het verbruikerspryse gemiddeld met 8,2 persent gestyg, vergeleke met 'n stygging van slegs 7,1 persent oor die twaalfmaande-tydperk tot April 1994. Die koers van toename in produksiepryse het eweneens van 6,2 persent oor die twaalf maande geëindig in April 1994 tot 9,0 persent vir die tydperk geëindig in Julie 1994 toegeneem.

Sommige markrentekoerse het in onlangse maande taamlik skerp gestyg. Die opbrengskoers op langtermyn staatseffekte het byvoorbeeld van 11,8 persent op 31

Desember 1993 tot 17 persent op 12 September 1994 gestyg voordat dit weer tot 16,25 persent op 23 September gedaal het. Geldmarkrentekoerse het daarenteen met 'n baie kleiner marge gestyg. Die opbrengskoers op 91-dae skatkiswissels het van 10,2 persent teen die einde van 1993 tot 10,9 persent op 23 September 1994 gestyg.

Geldmarktoestande bly steeds betreklik likied, veral as gevolg van die welkome stygging in die land se netto buitelandse reserwes. Met inagneming van die behoeft om die buitelandse reserwes nog verder op te bou, sal stapte gedoen moet word om die uitbreidende uitwerking van verdere toenames in die reserwes op die binnelandse likwiditeit te steriliseer, veral teen die agtergrond van toenemende inflasionistiese druk.

Die onlangse veranderings in die kurwe vir opbrengskoerse tot verval datum na 'n heelwat skerper helling aan die kort ent, dui op verwagtings van 'n hoër inflasiekoers in die toekoms. Indien dit nie betyds onderdruk word nie, kan hierdie verwagtings selfvervullend word.

In die omstandighede het die Reserwebank besluit om die Bankkoers, dit wil sê die rentekoers waarteen die Reserwebank lenings aan bankinstellings by die diskonto-venster toestaan, van 12 tot 13 persent per jaar te verhoog. Die nuwe koers van 13 persent sal op Maandag 26 September 1994 in werking tree. Alle ander verwante rentekoerse van die Reserwebank sal ook met 1 persentasiepunt van die huidige vlakke verhoog word.

Hierdie besluit weerspieël nie slegs die vasbeslotenhed van die monetêre owerhede om voort te gaan om maatreëls toe te pas wat versoenbaar is met die Reserwebank se verantwoordelikheid om die waarde van die rand te beskerm nie. Dit dien ook as 'n duidelike aanduiding van 'n meer beperkende monetêre beleidsbenadering wat deur onlangse veranderings in die onderliggende marktoestande genoodsaak word. Indien nodig, sal aanvullende maatreëls getref word om te verseker dat die huidige oormatige koers van toename in die geldvoorraad aan bande gelê sal word.

# Besparing deur die private sektor in Suid-Afrika

deur J.W. Prinsloo

## Inleiding

'n Bevredigende ekonomiese groeikoers vereis normaalweg voldoende investering en derhalwe 'n voldoende aanbod van besparing. Gedurende die sewentigerjare het die stadiger groei in produktiwiteit in die meeste ontwikkelde lande geleid tot toenemende besorgdheid oor investering. Die gevolge hiervan vir reële ekonomiese groei, tesame met die onvermoë van verskeie ekonomieë om 'n groeiende arbeidsmag ten volle te absorbeer, is deur die beleidmakers as 'n ernstige probleem beskou. Hoër besparing en investering is allerweé as die oplossing vir hierdie gebreke in die produksiestructure van nywerheidsekonomieë voorgehou.

Veral gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare het die Suid-Afrikaanse ekonomie dieselfde probleem as in die res van die wêreldekonomie ervaar. Die nasionale besparingskoers het tot 'n laevlak gedaal en die voortdurende invloeiing van kapitaal na die land het in 'n netto uitvloeiing van kapitaal verander. Die groepotensiaal en die indiensnemingsvermoë van die ekonomie het aansienlik verswak. Dit is dus nie verrassend nie dat beleidmakers en ekonomiese ontleders van Suid-Afrikaanse toestande van tyd tot tyd hul groeiende kommer oor die laevlakte van die binnelandse investerings- en besparingsverhoudings uitgespreek het nie.

Die doel met hierdie artikel is om 'n oorsig van spaargeneigdhede in Suid-Afrika oor die afgelope ongeveer drie en 'n half dekades aan te bied ten einde 'n beter begrip van die laer besparingsverhouding van die land te verkry. Daar word hoofsaaklik aandag gegee aan die faktore wat die besparing van die private sektor beïnvloed en die waarskynlike gevolge van belasting- en ander beleidsmaatreëls op die besparingsbesluite van deelnemers in die private sektor.

Die belangrikheid van besparing in die nasionale ekonomie word in die eerste afdeling van hierdie studie bespreek. Die definisie en meting van besparing in die nasionale rekening word dan in afdeling twee opgesom. Hierna volg 'n oorsig van neigings in binnelandse besparing sedert die begin van die sestigerjare en 'n bespreking van die belangrikste faktore wat spaargedrag bepaal. Die waarskynlike gevolge van maatreëls om die nasionale besparingskoers te versterk, word kortlik in die volgende afdeling bespreek, voordat 'n paar slotopmerkings gemaak word.

## Die belangrikheid van besparing in die nasionale ekonomie

Besparing voorsien die grondslag vir kapitaalvorming, wat weer noodsaaklik is vir ekonomiese ontwikkeling.

Investering word allerweé beskou as 'n doelwit van ekonomiese beleid omdat dit produsente die geleentheid gee om voordeel te trek uit tegnologiese vooruitgang, die produktiwiteit van werkers en gevorderlik reële lone verhoog en sodoende 'n permanente verbetering van die lewenstandaard van die bevolking moontlik maak.

In 'n gesloten ekonomie met geen buitelandse handel nie, sal investering aan besparing gelyk wees. In 'n open ekonomie wat met ander lande handel dryf, is dit moontlik dat binnelandse besparing en binnelandse investering van mekaar sal verskil. Die verskil tussen binnelandse besparing en investering word dan in die oorskot of tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël. Wanneer binnelandse investering die binnelandse besparing oorskry, word die verskil in 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël wat dan deur die invoer van besparing uit ander dele van die wêreld gefinansier moet word – dit wil sê deur middel van 'n invloeiing van buitelandse kapitaal – of 'n verlaging in die land se voorraad van buitelandse reserwes. Dit dui daarop dat 'n deel van die aanpassing te wye aan die verskil tussen besparing en investering in die vorm van veranderings in die wisselkoers sal plaasvind.

In baie lande van die wêreld het ondervinding getoon dat die navolging van 'n goedkoop geldbeleid met krediet wat in oorvoer en teen 'n lae koste beskikbaar is, op stuk van sake 'n kringloop van opeenvolgende depresiasies van die geldeenheid en weghol-inflasie tot gevolg het. 'n Voldoende en sterk spaarvertoning is derhalwe 'n belangrike voorvereiste vir makro-ekonomiese ewewig en die handhawing van finansiële en prysstabiliteit.

In die openbare debat oor 'n toepaslike ekonomiese beleid vir Suid-Afrika word dikwels betoog dat bykomende investering, en dus ook besparing, nodig is om ekonomiese groei oor die langer termyn te bevorder. Sommige deelnemers aan hierdie debat glo oënskynlik dat 'n toename in die besparingskoers die middele voorsien om die groeikoers van produksie permanent te laat versnel. In werklikheid sal 'n toename in die aandeel van die binnelandse inkomste wat aan besparing en investering toegewys word nie die groeikoers onbepaald beïnvloed nie, as dit nie met veranderings in die produksiestructuur of tegnologiese vooruitgang wat lei tot verbeterde tegnieke of verbeterde organisasie van produksie gepaardgaan nie.

'n Hoër vlak van besparings en investerings kan nietemin die vlak van die produksie per werker verhoog en gedurende die oorgang van 'n laer investeringsvlak na 'n hoër een sal dit ook die groeikoers tydelik verhoog. Dit moet ook in ag geneem word dat die deel van die binnelandse inkomste wat aan besparing toegedeel is,

nie onbepaald verhoog kan word nie. Die besparingsverhouding van 'n gemeenskap word bepaal deur die optimaliseringsbesluite van talle individuele huishoudings, wat sal verseker dat 'n belangrike deel van lopende inkomme altyd verbruik sal word.

Teen die einde van die sewentigerjare toe die groei in reële inkomme in bykans al die ryk lande van die wêreld verlangsaam het, is die noodsaak van hoër besparingskoerse in die wêreld in 'n ernstige lig beskou. Die toename in die bestedingsgeneigdheid is toe nie meer as die begin van 'n gesonde vermenigvuldigerproses vir die toename in die totale vraag gesien nie. Dit is intendeel as 'n strukturele gebrek beskou wat verhinder dat ekonomiese hul produksievermoë verhoog. Die besparingstekort in die ryk lande is sedert die laat sewentigerjare, eerstens deur die finansieringsbehoeftes van die Derdewêreldlande en tweedens deur die ekonomiese hervorming ná 1989 van die voormalige kommunistiese lande in Oos-Europa en die gewese Sowjet-Unie vererger. Daar is gevrees dat reële rentekoerse deur hierdie wêreldwye finansieringsbehoeftes verhoog kon word, en reële vaste investering kon verlaag. Op hierdie wyse sal laer besparing dwarsdeur die wêreld tot laer investering en laer reële ekonomiese groei lei.

## Definisies en meting van besparing in die nasionale rekeninge

Bruto binnelandse besparing in die nasionale rekeninge verteenwoordig daardie deel van totale inkomme wat nie gedurende 'n bepaalde tydperk verbruik word nie. Besparing is teruggehoue inkomme as gevolg van die uitstel van verbruik. Dit word gemeet as die saldo op die lopende inkomme- en uitgawe-rekeninge van die binnelandse institusionele sektore, met ander woorde private huishoudings, maatskappye en die algemene owerheid. Kapitaalwinstes en -verliese sowel as winste en verliese wat as gevolg van die herwaardering van finansiële bates voorkom, word van besparing in die nasionale rekeninge uitgesluit. Netto binnelandse besparing is gelyk aan bruto binnelandse besparing verminder met die voorsiening vir waardevermindering. Netto binnelandse besparing bestaan uit die netto besparing van die owerheid en die private sektor. Op sy beurt bestaan private besparing uit persoonlike en maatskappybesparing.

In die nasionale rekeninge word die besparing van elk van die bovenoemde sektore gekonsolideer en verteenwoordig dit daardie deel van die bruto nasionale beskikbare inkomme wat nie deur die private sektor en die owerheid as finale verbruik bestee word nie. Bruto nasionale beskikbare inkomme bestaan uit die ontvangste deur inwoners van inkomme uit werkverskaffing, ondernemerskap en eiendom, minus netto faktorbetalings aan die res van die wêreld, plus lopende oordragte van die buiteland. Lopende oordragte aan 'n land word normaalweg ingesluit by die inkomme waaruit besparing

bereken word. Kapitaaloordragte word egter nie ingesluit nie, maar word as 'n bron van finansiering beskou omdat dit die besparing aanvul van die land wat dit ontvang. Nasionale beskikbare inkomme verteenwoordig die bedrag wat vir verbruiksbesteding en besparing beskikbaar is, wat op sy beurt weer vir die verkryging van kapitaalbates van die een of ander soort beskikbaar is.

In Suid-Afrika se stel nasionale rekeninge word tussen persoonlike besparing, maatskappybesparing, besparing deur die algemene owerheid en die voorsiening vir die waardevermindering van bates onderskei.

### Persoonlike besparing

Persoonlike besparing, of besparing deur huishoudings, sluit in die teruggehoue inkomme van nie-geïnkorporeerde sakeondernemings en die teruggehoue inkomme van nie-winssoekende instellings wat tot die voordeel van huishoudings bedryf word. Al die inkomme van pensioenfondse word aan huishoudings toegerekend. In die geval van lewensversekeringsmaatskappye word 'n deel van hul netto inkomme aan huishoudings toegedeel as rente wat by die kapitaalbelang van polishouers getel word. Enige deel van die lopende uitgawe van huishoudings wat nie deur lopende inkomme gefinansier word nie, maar eerder deur van krediet gebruik te maak, verteenwoordig 'n toename in die finansiële laste van individue en word as negatiewe besparing beskou. Daarom word persoonlike besparing in die nasionale rekeninge ook gedefinieer as die oorskot van die totale besparing deur huishoudings oor die verbruikerskrediet wat gebruik word.

Persoonlike besparing word gewoonlik in twee kategorieë verdeel, naamlik kontraktuele en diskresionêre besparing. Kontraktuele besparing het betrekking op individue wat hulself tot 'n reeks betalings verbind, soos premies op versekeringspolisse, bydraes tot pensioenfondse en die kapitaalbedrag betaalbaar op huishoudings se verbandlenings. Diskresionêre besparing het daarteenoor betrekking op die tipe besparing waar huishoudings nie tot enige vaste verpligtinge verbind word nie. Alle kontraktuele besparing ontstaan gewoonlik uit diskresionêre besparing omdat kontraktuele verpligtinge op 'n vrywillige grondslag aangegaan word. 'n Uitsondering is waar 'n werknemer deur 'n dienskontrak verplig word om tot 'n pensioenfonds by te dra.

As gevolg van die ontoereikendheid van databronne, sal die direkte raming van persoonlike besparing op grond van die gegewens in die inkomme- en uitgawerekening van huishoudings aan 'n aansienlike foutegrens onderhewig wees. In plaas van om nog 'n statistiese afwyking in die nasionale rekeninge te veroorsaak, word aanvaar dat die identiteite in die nasionale rekeninge presies geld en dat al die ander komponente van die totale binnelandse besparing met 'n groter mate van akkuraatheid as die persoonlike besparing geraam kan word. Persoonlike besparing word derhalwe as die balanseringspos in die kapitaalfinansieringsrekening afgelei.

Die kapitaalfinansieringsrekening gee 'n uiteensetting van die maniere waarop inwoners tasbare bates opbou en die maniere waarop hierdie opbouing gefinansier word. Bruto vaste investering en die verandering in voorrade is die metodes waarmee kapitaal gebou word. Bruto binnelandse besparing is die hoofbron van binnelandse finansiering. Die ander belangrike bron van finansiering is die oordrag van besparing van die res van die wêreld. Nadat sulke oordragte en die bydraes van binnelandse besparing deur die maatskappysektor en die algemene owerheid vasgestel is, word besparing deur die huishoudingsektor afgelei as die balanseringspos op die kapitaalfinansieringsrekening.

Die ramings van persoonlike besparing in die nasionale rekeninge onderskei nie tussen kontraktuele en diskresionêre besparing nie, maar voorlopige ramings van kontraktuele besparing word dikwels vanaf die gekonsolideerde inkomstestate van pensioenfondse en langtermynversekeraars bereken. Hoewel 'n onderskeid tussen kontraktuele en diskresionêre besparing nie uit 'n makro-ekonomiese oogpunt belangrik is nie, sal toenames in kontraktuele besparing saam met 'n ooreenstemmende toename in die finansiële laste van die huishoudingsektor, veroorsaak dat totale persoonlike besparing onveranderd bly. Dit sal slegs tot 'n herringskikking van die besparingsportefeuilje van die persoonlike sektor lei.

### **Maatskappybesparing**

Besparing in die maatskappysektor is die balanseringspos op die inkomme- en uitgawerekening nadat die lopende inkomme en betalings van maatskappye ten volle in berekening gebring is. Dit kan ook beskryf word as die teruggehoue inkomme van private en openbare geïnkorporeerde finansiële en nie-finansiële ondernemings.

Maatskappybesparing word geraam as die som van die bruto bedryfsurplusse van maatskappye, minus die netto dividende, rente, huur en tantiëmes wat aan ander sektore van die ekonomie en aan die res van die wêreld betaal word, minus die direkte belasting en ander netto oordragbetalings wat aan die algemene owerheid, die huishoudingsektor en die res van die wêreld gemaak word. Maatskappybesparing wat volgens hierdie riglyne bereken word, verteenwoordig bruto maatskappybesparing. Netto maatskappybesparing bestaan uit bruto maatskappybesparing nadat voorsiening vir waardevermindering en 'n aansuiwering vir voorraadwaardering gedoen is. Laasgenoemde is die verskil tussen die verandering in die boekwaarde van voorrade en die fisiese verandering van voorrade gewaardeer teen die gemiddelde pryse wat gedurende die tydperk van verandering gegeld het. Hierdie verskil is 'n maatstaf van die netto wins of verlies van ondernemings as gevolg van 'n verandering in die pryse van voorrade. Winst en verlies op voorraadhouding is deel van maatskappywinste voor belasting en moet uitgesluit word om die heersende produksie en die werklike besparing van die maatskappysektor te meet.

### **Besparing deur die algemene owerheid**

Besparing deur die algemene owerheid is die totaal van die onuitgekeerde winste van openbare ondernemings en onuitgekeerde belastings en ander lopende inkomste wat nie as lopende uitgawes deur die owerheid uitbetaal is nie. In teenstelling met huishoudings se inkomme wat hoofsaaklik uit faktorinkome bestaan, bestaan die inkomme van die algemene owerheid uit lopende oordragte wat van die private sektor in die vorm van belastings en alle ander lopende nie-belastinginkomste ontvang word. Inkomste uit belasting sluit alle direkte en indirekte belastings in, en nie-belastinginkomste sluit die inkomme uit eiendom, die kontantbedryfsurplusse van departementele ondernemings en ander lopende inkomste soos boetes en verbeurdverklarings in.

Aan die bestedingskant sluit lopende owerheidsbesteding alle lopende besteding aan goedere en dienste deur die algemene owerheid in, en bestaan dit ook uit lone en salarisso van owerheidswerknekmers en besteding aan ander nie-kapitaalgoedere en dienste. Hierdie komponent sluit ook verdedigingsuitgawes en 'n toegerekende uitgawe vir die kapitaalverbruik van vaste bates deur die algemene owerheid in. Rentebetalings op staatskuld, subsidies en ander oordragte aan die huishoudingsektor en die res van die wêreld maak die oorblywende deel van die lopende besteding deur die algemene owerheid uit.

### **Voorsiening vir waardevermindering**

Bruto binnelandse besparing sluit voorsiening vir waardevermindering of toelaes vir kapitaalverbruik in. Volgens die beginsels wat in die nasionale rekening toegepas word, kan die verbruik van vaste kapitaal gedefinieer word as daardie deel van die bruto waarde van produksie wat nodig is vir die vervanging van vaste kapitaal wat in die produksieproses verbruik word. Hierdie vloei berus op die verwagte ekonomiese leeftyd van die afsonderlike bates en is gelyk aan die waardeverlies as gevolg van die verwagte veroudering en normale slytasie.

Ramings van waardeverminderingstoelaes word in die tabelle van die nasionale rekeninge uit die nasionale-investeringtotale teen konstante pryse bereken en dan na vervangingswaardes omgeskakel sodat 'n waardering van die gebruik van kapitaalbates gemaak kan word teen pryse wat geld vir die jaar waarin die verbruik van kapitaal werklik plaasvind. Hierdie ramings kan aansienlik verskil van die veranderings in die waardevermindering waarvoor in die rekeninge van maatskappye in die private sektor voorsiening gemaak word.

### **Neigings in bruto binnelandse besparing**

Uit die gegewens wat in tabel 1 en grafiek 1 voorsien word is dit duidelik dat die bruto binnelandse besparing in Suid-Afrika van 1960 tot 1993 gemiddeld 23,8 persent van die bruto binnelandse produk uitgemaak het. In die jongste jare sedert 1986, kan 'n duidelike afwaartse

**Tabel 1. Komponente van bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk**


Jaar	Private huishoudings	Private maatskappys sektor	Totale private sektor	Algemene owerheid	Total bruto binnelandse besparing
1960 .....	6,0	9,4	15,4	6,5	21,9
1961 .....	10,2	8,7	18,9	5,3	24,2
1962 .....	11,9	8,9	20,8	3,6	24,4
1963 .....	9,6	8,7	18,2	7,0	25,2
1964 .....	6,6	10,1	16,7	6,7	23,4
1965 .....	6,8	9,4	16,2	5,9	22,1
1966 .....	8,3	9,3	17,7	5,1	22,7
1967 .....	8,3	8,4	16,7	7,3	24,0
1968 .....	9,3	8,6	17,9	6,8	24,7
1969 .....	6,6	9,2	15,8	6,8	22,6
1970 .....	6,2	8,3	14,5	6,1	20,6
1971 .....	9,5	8,6	18,1	4,5	22,7
1972 .....	10,1	9,5	19,7	5,1	24,8
1973 .....	6,3	11,1	17,4	7,7	25,1
1974 .....	6,3	11,3	17,7	7,8	25,5
1975 .....	8,3	11,2	19,4	5,9	25,4
1976 .....	5,7	13,0	18,7	4,3	23,0
1977 .....	9,6	13,7	23,3	4,2	27,5
1978 .....	7,3	15,4	22,7	5,0	27,7
1979 .....	9,6	18,2	27,8	4,5	32,2
1980 .....	8,8	19,5	28,4	6,1	34,5
1981 .....	3,9	18,3	22,1	5,1	27,2
1982 .....	4,0	13,9	17,8	2,9	20,8
1983 .....	4,1	18,4	22,5	2,9	25,3
1984 .....	5,4	15,7	21,2	1,4	22,5
1985 .....	6,9	16,0	22,9	1,6	24,5
1986 .....	5,3	16,9	22,2	1,3	23,5
1987 .....	6,2	15,9	22,1	0,4	22,5
1988 .....	5,7	15,6	21,3	1,4	22,7
1989 .....	5,4	15,6	21,0	1,5	22,6
1990 .....	4,0	14,4	18,4	1,2	19,5
1991 .....	4,5	14,2	18,6	0,3	18,9
1992 .....	5,9	15,0	21,0	-4,0	17,0
1993 .....	6,2	15,6	21,9	-4,4	17,5
<b>Gemiddeldes</b>					
1960 - 72 .....	8,4	9,0	17,4	5,9	23,3
1973 - 78 .....	7,3	12,6	19,9	5,8	25,7
1979 - 84 .....	6,0	17,3	23,3	3,8	27,1
1985 - 93 .....	5,6	15,5	21,0	-0,1	21,0
1960 - 93 .....	7,0	12,8	19,9	3,9	23,8

neiging in die totale besparingskoers waargeneem word. As gevolg hiervan het die gemiddelde besparingskoers in die tydperk 1985-1993 tot 21 persent gedaal, in vergelyking met 23,3 persent in 1960-1972 en 25,7 persent in 1973-1978. Gedurende die tydperk 1979-1984 was die besparingskoers op 'n hoër gemiddelde vlak van 27,1 persent, maar die besparingsgedrag gedurende hierdie tydperk is sterk beïnvloed deur die

meevaller-winst van maatskappye in die goudmynboubedryf toe die prys van goud uitsonderlik hoogvlakte bereik het.

In tabel 2 word Suid-Afrika se besparingskoerse vergelyk met dié van 'n aantal ontwikkelde nywerheidsekonomieë. Tot in die middel van die tagtigerjare het Suid-Afrika se besparingskoers in verhouding tot die bruto binnelandse produk gunstig

**Grafiek 1: Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk**



vergelyk met dié van die ander lande wat in die tabel ingesluit is. Suid-Afrika se posisie onder die elf lande het trouens verbeter van negende in die jare 1961-1972 tot sesde in 1973-1978 en toe tot vierde in 1979-1984. In die jongste jare is Suid-Afrika se besparingskoers egter deur dié van die meeste ander lande oortref.

Suid-Afrika se gemiddelde besparingskoers in die tagtiger- en vroeë negentigerjare stem grotendeels ooreen met die gemiddelde besparingskoers van ander middelinkomste-ekonomiese, dit wil sê ekonomiese met 'n gemiddelde inkome per hoof van die bevolking wat tussen \$2 000 en \$3 000 wissel. Die besparingskoers van hierdie middelinkomste-ekonomiese was gemiddeld 24,2 persent, wat slegs een persentasiepunt hoër is as dié van Suid-Afrika. Gedurende die tydperk sedert 1980 het Suid-Afrika die sesde plek onder die elf individuele ontwikkelende lande op die lys in tabel 3 beklee. Sedert 1985 het Suid-Afrika se besparingskoers egter vinniger

verswak as die besparingskoers van die lande wat in die lys in tabel 3 opgeneem is en op 'n gemiddelde grondslag het dit ook teenoor die prestasie van die middelinkomste-ekonomiese verswak.

Die taamlik skielike verswakking van Suid-Afrika se besparingskoers in die middel van die tagtigerjare het met 'n oomkeer van die netto kapitaalbewegings na die land saamgeval. Tot 1984 is binnelandse besparing oor die algemeen aangehelp deur 'n invloeiing van kapitaal vanaf die res van die wêreld. Daar was tye, soos byvoorbeeld die jare 1960-1963 en 1977-1980 waartydens die land 'n netto uitvloeiing van kapitaal ondervind het, maar hierdie tydperke was betreklik kort van duur en is vinnig deur hernieuwe invloeiinge van kapitaal gevolg. Sedert 1985, toe die daling in die totale besparingskoers begin het, is dit deur 'n ononderbroke reeks van jaarlike kapitaaluitvloeiinge vergesel. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het hierdie uitvloeiinge 2,5 persent bedra. In voorafgaande jare kon Suid-Afrika nog 'n invloeiing van kapitaal van gemiddeld 1 persent van die bruto binnelandse produk van die res van die wêreld verwag.

Kwartaallikse bewegings in die verhouding van die totale bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk word saam met opeenvolgende open afwaartse veranderings van die Suid-Afrikaanse konjunkturbeweging in grafiek 2 getoon. Hoewel die konjunkturele gedrag van die bruto binnelandse besparingsverhouding skynbaar nie heeltemal konsekwent is nie, is die algemene neiging vir die binnelandse besparingskoers in verhouding tot die bruto binnelandse produk om te verbeter wanneer die ekonomie in 'n afwaartse fase verkeer en te verswak wanneer die ekonomiese bedrywigheid uitbrei. 'n Merkbare uitsondering is die opwaartse fase van 1978-1981, toe die stygende goudprys veroorsaak het dat buitengewone winste deur die goudmynbedryf teruggehou is, wat tot gevolg gehad het dat die algemene nasionale besparingskoers verbeter het. 'n Meer opvallende uitsondering op die normale patroon is die aaneenlopende daling in die totale bruto binnelandse besparing in verhouding tot die bruto binnelandse produk gedurende die jongste uitsonderlike lang afwaartse fase van 1989 tot 1993.

**Tabel 2. Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk vir uitgesoekte lande**

Tydperk	Australië	Kanada	Frankryk	Japan	Verenigde Koninkryk	Oostenryk	Duitsland	Verenigde State	Portugal	Switserland	Suid-Afrika
1961-72	29,2	23,9	25,1	35,8	18,4	28,5	26,6	16,2	26,0	31,0	23,5
1973-78	27,5	26,0	24,2	33,1	21,9	28,1	21,1	17,4	27,8	24,2	25,7
1979-84	28,6	21,9	21,5	30,1	14,5	24,9	21,0	18,4	31,0	23,6	27,1
1985-92	26,5	23,4	20,8	30,6	21,1	24,8	19,4	17,3	27,7	24,0	21,0*

\* Tydperk 1985-93

Bron: IMF, *International Financial Statistics* (verskeie uitgawes)

**Tabel 3. Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk vir ontwikkelende en middel-inkomste ekonomiese**

Land	Tydperk	Gemiddelde besparingskoers	Tydperk	Gemiddelde besparingskoers
Argentinië .....	1980-92	16,3	1985-92	14,6
Botswana .....	1980-89	25,1	1985-89	32,1
Brasilië .....	1980-90	23,3	1985-90	25,2
Chili .....	1980-91	17,9	1985-91	21,6
Hongarye .....	1980-92	26,7	1985-92	25,4
Iran .....	1980-91	21,0	1985-91	18,6
Maleisië .....	1980-91	32,8	1985-91	33,6
Mauritius .....	1980-91	20,7	1985-91	24,5
Mexiko .....	1980-92	24,0	1985-92	22,0
Suid-Afrika .....	1980-92	23,2	1985-93	21,0
Turkye .....	1980-91	18,7	1985-91	20,8
Middelinkomste-ekonomiese .....	1980-90	24,2	1985-90	23,5


Bron: Wêreldbank, *World Tables*, 1993

Dit wil voorkom asof 'n verbetering in die besparings-geneigheid van die private sektor gedurende tydperke van teenspoed 'n natuurlike reaksie is. Swakker groei in inkome en 'n algemene gebrek aan werksekerheid gedurende tydperke van resessie is geneig om 'n gewaarwording van versigtigheid en spaarsamigheid by huishoudings te laat posvat. Die waarskynlikste gevolg hiervan is dat die groei in besteding beperk word en dat besparing hoër sal neig. In teenstelling hiermee, kan 'n verswakkning in die besparingskoers verwag word

gedurende 'n ekonomiese opwaartse fase wanneer verbruikers veiliger voel en meer geneig sal wees om hulle lopende verbruiksuitgawes te verhoog.

Die besparing van die algemene owerheid is weer geneig om in die teenoorgestelde rigting as dié van die private sektor te beweeg. Gedurende tye van ekonomiese resessie groei die owerheid se belastinginkomste stadiger en kan dit selfs afneem namate sakebedrywigheide taan. Owerheidsbesteding kan terselfdertyd vinniger toeneem as gevolg van 'n daadwerklike bestedingsbeleid wat op die stabilisering van die totale binnelandse vraag gemik is, of as gevolg van toenemende maatskaplike besteding sowel as die uitbetaling van werkloosheidsvoordele. Dit mag daar toe lei dat besparing deur die algemene owerheid gedurende afwaartse fases van die konjunktuursiklus kan daal. In teenstelling hiermee, kan die besparing van die algemene owerheid verbeter tydens opwaartse fases wanneer belastinginkomste toeneem en owerheidsbesteding in

**Grafiek 2: Kwartaallikse bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk**



**Tabel 4. Bruto binnelandse besparing en netto kapitaalinvloeiinge van die buiteland as persentasie van die bruto binnelandse produk**

Tydperk	Bruto binnelandse besparing	Netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie
1960-72 .....	23,3	1,8
1973-78 .....	25,7	1,6
1979-84 .....	27,1	0,5
1985-93 .....	20,0	-2,5


verhouding tot die groei in die bruto binnelandse produk afneem. Hierdie teenoorgestelde verwagte veranderinge in besparing deur die owerheid en die private sektor maak dit moeilik om tot enige vooropgestelde gevolgtrekking oor die konjunkturele gedrag van die totale binnelandse besparingsverhouding te kom. Dit verlaar ook waarom die konjunkturele bewegings van die totale binnelandse besparingskoers in opeenvolgende op- en afwaartse fases nie heeltemal met mekaar versoenbaar is nie.

Die private besparingskoers in Suid-Afrika was sedert 1960 betreklik bestendig. Dit het trouens oor die afgelope vier en dertig jaar effens opwaarts geneig. 'n Lineêre groeineiging oor die jare 1960-1993 wat op die jaarlike verhoudings gepas is, het 'n effense opwaartse neiging getoon.<sup>1</sup> In die tydperk 1985-1993 was die bruto private besparing as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk gemiddeld 21 persent, in vergelyking met 17,4 persent gedurende 1961-1972.

Die betreklike bestendigheid van die private sektor se besparingskoers verskuil die veranderings in die samestelling van die besparing deur die private sektor gedurende die tagtigerjare – sien grafiek 3. Die bruto besparing deur private huishoudings in verhouding tot die bruto binnelandse produk het sedert die sestigerjare stelselmatig afgeneem. Huishoudings se besparing as persentasie van die bruto binnelandse produk in die jare 1985-1993 was 5,6 persent, in vergelyking met 8,4

<sup>1</sup> Die hellingskoëffisiënt van 'n log-lineêre reguitlyn wat op die besparingskoers oor die tydperk 1960-1993 gepas is, is op 0,01 vasgestel.

**Grafiek 3: Die komponente van bruto besparing deur die private sektor as persentasie van bruto binnelandse produk**




persent gedurende 1960-1972. Hierdie dalende neiging is 'n spieëlbeeld van 'n toename in private maatskappybesparing van 9 persent van die bruto binnelandse produk in 1960-1972 tot 15,5 persent in 1985-1993.

Die verskuiwing in die relatiewe belangrikheid van die besparing deur huishoudings na maatskappybesparing is ook duidelik te sien in die daling van die gemiddelde geneigdhed om uit beskikbare inkomte te spaar – sien grafiek 4. In die sestiger- en vroeë sewentigerjare het huishoudings gemiddeld 9,3 persent van hul jaarlike beskikbare inkomte gespaar. Hierdie persentasie het in die jare 1985-1993 tot 3,7 persent teruggesak.

In teenstelling met die betreklik bestendige gedrag van die besparingsverhouding van die private sektor, het die bruto besparing deur die algemene owerheid as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk oor die jare sedert 1960 afgeneem. In die jare 1960-1972 was die besparing deur die algemene owerheid gelyk aan 5,9 persent van die bruto binnelandse produk, maar in die jare 1985 tot 1993 het dit van 'n positiewe besparing van 1,6 persent van die bruto binnelandse produk in 'n ontsparing van 4,4 persent verander. Sedert 1991 het die bruto besparing deur die algemene owerheid na bruto ontsparing verander in dié opsig dat die lopende besteding aanhoudend die lopende inkomte oorskry het.

Gesien oor die hele tydperk sedert die sestigerjare, is dit duidelik dat die verswakkering van die bruto binnelandse besparingskoers gedurende die tagtigerjare hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die afname in die besparing deur die algemene owerheid. Die betreklik bestendige verloop van die besparingskoers van die private sektor oor 'n taamlike lang tydperk kan ook daarop duif dat dit

**Grafiek 4: Netto besparing van private huishoudings as 'n persentasie van persoonlike beskikbare inkomte**



moeilik sal wees om die besparingsgedrag van die private sektor deur enkele aanpassings in die belastingbeleid te verander. Verder verminder die bestendige algehele besparingskoers van die private sektor in 'n mate die kommer oor die afname in die besparingskoers van private huishoudings.

### Faktore wat besparing deur die private sektor bepaal

Die meeste studies wat poog om besparingsgedrag te verduidelik, berus op 'n weergawe van die lewensiklus of die permanente-inkome hipotese. Volgens hierdie teoretiese benaderings probeer huishoudings om die maksimum voordele uit verbruik oor hul leeftyd te put, onderhewig aan die beperkings van die verwagte inkomste oor hul leeftyd en hul aanvanklike welvaart. Rentekoerse wat die voorkeur tussen huidige en toekomstige verbruik aandui, demografiese veranderlikes en welvaart word gevvolglik uitgesonder as moontlike oorsake van veranderings in die gedrag van verbruikers. Ander bepalende faktore sluit in veranderings in die gemiddelde inkomste, die verdeling van inkomste tussen huishoudings

en die vermoë van individue om die heersende en verwagte resultate van maatskappye in hulle besluitneming in berekening te bring.

### Reële rentekoerse na belasting

Daar is nie algemene eenstemmigheid tussen ekonome oor die trefkrag van 'n styging in die reële rentekoerse na belasting op die besluite om te bestee of te spaar nie. 'n Styging in die opbrengskoers op opgehoopte besparing verhoog die geleentheidskoste wat met heersende verbruik verband hou en behoort die besparingskoers te verhoog. Die toekomstige verwagte inkomestroom wat as gevolg van die hoër opbrengskoers op besparing verwag word, kan terselfdertyd heersende verbruik aanmoedig. Aangesien hierdie twee kragte (dit is 'n verdelingseffek en 'n inkomseffek) in teenoorgestelde rigtings werk, kan die netto uitwerking van 'n verandering in die opbrengskoers nie met sekerheid vooraf vasgestel word nie.

Stygende grenskoerse van persoonlike belasting, tesame met voortdurend hoë inflasie, het gedurende die tagtigerjare die opbrengskoerse na belasting op depositosoortige besparing in Suid-Afrika aansienlik

**Tabel 5. Reële opbrengs na belasting vir 'n gemiddelde belastingbetalter op vaste deposito's vir 12 maande**

Jaar geëindig 28 Februarie	Nominale rentekoers %	Grenskoers van belasting %	Opbrengs- koers na belasting %	Inflasiekoers %	Reële opbrengskoers na belasting %	Waarde van R100 se belegging R
1971 .....	7,3	10,2	6,6	4,2	2,3	102,26
1972 .....	7,5	15,8	6,3	6,1	0,2	102,47
1973 .....	7,1	17,8	5,8	6,8	-0,9	101,54
1974 .....	7,0	17,3	5,8	9,6	-3,5	98,01
1975 .....	9,1	17,8	7,5	12,7	-4,6	93,47
1976 .....	9,5	18,8	7,7	12,7	-4,4	89,34
1977 .....	9,5	20,6	7,5	11,5	-3,5	86,17
1978 .....	9,5	21,2	7,5	10,8	-3,0	83,59
1979 .....	9,0	20,3	7,2	10,4	-2,9	81,15
1980 .....	7,3	19,7	5,9	13,5	-6,7	75,69
1981 .....	7,6	19,1	6,1	14,1	-7,0	70,41
1982 .....	10,5	21,6	8,2	14,9	-5,8	66,32
1983 .....	15,2	23,2	11,7	14,8	-2,7	64,52
1984 .....	13,3	25,2	9,9	11,6	-1,5	63,56
1985 .....	17,5	28,5	12,5	12,5	0,0	63,57
1986 .....	15,7	25,7	11,7	16,9	-4,5	60,72
1987 .....	11,4	26,9	8,3	18,1	-8,3	55,70
1988 .....	10,4	25,9	7,7	15,7	-6,9	51,85
1989 .....	12,9	27,7	9,3	12,8	-3,1	50,25
1990 .....	16,6	30,8	11,5	14,9	-3,0	48,76
1991 .....	17,0	31,6	11,6	14,3	-2,3	47,62
1992 .....	15,8	29,2	11,2	15,6	-3,8	45,81
1993 .....	13,2	28,1	9,5	12,9	-3,0	44,42
1994 <sup>1)</sup> .....	11,5	29,2	8,1	9,8	-1,5	43,75

1. Die grenskoers van belasting vir 1994 is voorlopig.

verlaag. Tabel 5 toon dat die gemiddelde grenskoers van belasting van persone van 10,2 persent in 1971 tot 19,1 persent in 1981 en weer tot 31,6 persent in 1991 toegeneem het. 'n Bedrag van R100 wat aan die begin van die fiskale jaar vir 1970/71 belê is onderhewig aan die aanname dat die rente-inkomste aan die einde van elke jaar herbelê word, sou in reële koopwaarde aan die einde van die fiskale jaar 1993/94 tot R43,75 verminder het. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die progressiwiteit van direkte persoonlike belastingskale en die voortdurende inflasie, wat 'n groter aantal belastingbetalers in hoër-inkomegroepe met hoër grenskoerse van belasting geplaas het.

Dit word algemeen aanvaar dat die afname in huishoudings se voorkeur vir besparing in die vorm van depositosoortige beleggings nadelig beïnvloed word deur 'n afname in die reële rentekoerse na belasting. Net so kon hierdie afname in die opbrengs op depositosoortige beleggings die relatiewe styging in maatskappye se besparing pleks van die direkte besparing van huishoudings, aangemoedig het.

### Demografiese neigings

Die lewensikluskosiese van besparingsgedrag dui aan dat die totale besparingskoers van 'n ekonomiese in die algemeen deur die ouderdomsverdeling van huishoudings beïnvloed word. Hierdie model onderskei tussen die fasies van die normale lewensiklus: ontsparing deur jong volwassenes wat opleiding ondergaan en nog in die vroeë stadiums van gesinsbou is, besparing deur ouer werkende volwassenes en ontsparing deur afgetrede mense. Gemeenskappe met groot dele van die bevolking in die jonger en/of afgetrede ouderdomsgroep sal geneig wees om 'n betreklik lae besparingskoers te hê. Dié met 'n hoë bevolkingsgroeikoers sal geneig wees om 'n dalende besparingskoers te hê.

Volgens die bevolkingsensusgegewens, het die deel van die Suid-Afrikaanse bevolking in die ouderdomsgroep 25 tot 44 jaar van 25,5 persent in 1970 tot 28,5 persent in 1991 toegeneem. Hierdie toename in die aandeel van die jonger verbruikers in die totale bevolking met hul groter voorkeur vir verbruik as vir besparing, kon bygedra het tot die afname in die besparingskoerse van die huishoudingsektor.

### Herverdeling van inkomte tussen huishoudings

Die herverdeling van die werklike inkomte ten gunste van die lae-inkomeverdiener met 'n hoë gemiddelde verbruiksgeneigdheid neig om die deel van binnelandse inkomte wat aan private en openbare verbruik bestee word te laat toeneem, en om daardeur die besparingskoers te verminder. Goed-ontwikkelde bestaansbeveiligingstelsels is ook geneig om huishoudings se besparingskoers te verlaag omdat dit die noodsaak verminder om vir aftrede en allerlei ander teenspoede (werkloosheid, siekte, ongeskiktheid) voorsiening te maak. Hierbenewens is die afhanklikheidskoers onder die laer-inkomeverdiener in Suid-Afrika hoog. Dit

beteken dat die aantal lede van 'n huishouding wat van die inkomte van 'n enkel verdienaar afhanklik is, hoog is. Die toestand word verder vererger deur stygende werkloosheid en uitgebreide familieverbintenissonder 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hierdie eienskappe van huishoudings verminder noodwendig die besparingsvermoë.


'n Ontleding van die gegewens wat in verskeie opnames van die besteding deur huishoudings saamgevat is, bevestig dat besparing uit lopende inkomte onder huishoudings met 'n laer inkomte in Suid-Afrika feitlik nie bestaan nie. Die besparingskoers van die huishoudings met 'n hoë inkomeverdiener is feitlik twee keer soveel as dié van huishoudings wat as middelincomeverdiener geklassifiseer word.

### Stadige groei in inkomte

Die groei in die reële inkomte van huishoudings het in die tagtigerjare merkbaar verlangsaam – sien grafiek 5. Die groei in die inflasie-aangesuiwerde lopende inkomte van huishoudings het van 6 persent in die sestigerjare tot 4 persent in die sewentigerjare en daarna tot 2,8 persent in die tagtiger- en vroeë negentigerjare verlangsaam.

Die toenemende druk van direkte belasting op persone het die moontlike groei in die bestebare inkomte net verder teruggehou. Die reële persoonlike beskikbare inkomte het in die sestigerjare teen 'n gemiddelde jaarkoers van 4,9 persent en in die sewentigerjare teen 4,1 persent toegeneem, maar daarna in die tagtiger- en vroeë negentigerjare tot 2 persent per jaar verlangsaam. Boonop het die reële persoonlike beskikbare inkomte per hoof van die bevolking tussen 1980 en 1993 afgeneem

**Grafiek 5: Reële inkomte van huishoudings**



teen 'n gemiddelde jaarlike koers van 1 persent. Die handhawing van vorige bestedingsgewoontes en 'n onwilligheid om by die stadiger groei in inkome aan te pas het gevvolglik die besparingsgeneigdheid van Suid-Afrika se huishoudingsektor verswak.

### Deregulering van finansiële instellings

Die deregulering van finansiële instellings gedurende die tagtigerjare het baie nuwe uitleengeleenthede vir banke en ander finansiële instellings geskep en aan individue baie makliker toegang tot kredietfasilitete verskaf. Dit het huishoudings toegelaat om hoër vlakke van besteding te handhaaf as wat die geval onder ander omstandighede sou wees. As gevolg hiervan het huishoudings se gebruik van verbruikerskredietfasilitete in verhouding tot hul beskikbare inkome in die tagtigerjare tot 'n baie hoërvlak as in die vorige jare beweeg – sien grafiek 6.

In ooreenstemming met hierdie ontwikkeling was die styging in die prys van bates hoër as die styging in huishoudings se totale skuld. Tabel 6 toon dat die prys van genoteerde aandele op die Johannesburgse Effektebeurs oor die tydperk 1970 tot 1993 teen 'n gemiddelde koers van 10,8 persent per jaar toegeneem het, terwyl die prys van private woonhuise oor dieselfde tydperk teen 'n gemiddelde koers van 10,4 persent per jaar gestyg het.

Soos in grafiek 6 gesien kan word, het die agteruitgang in huishoudings se besparingskoers aan die begin van die tagtigerjare met die groter gebruik van krediet deur private huishoudings saamgeval. Die laer vlak van huishoudings se besparingskoers in die

tagtigerjare en die vroeë negentigerjare word weerspieël deur huishoudings se hoér verhouding van verbruikerskrediet tot beskikbare inkome. Hoewel die regstreekse uitwerking van die algemene deregulering in die finansiële sektor op besparing in die tagtigerjare nie gekwantifiseer kan word nie, het dit ongetwyfeld tot die vinnige styging in uitstaande krediet en gevvolglik tot die laer besparingskoers van huishoudings bygedra.

Daar word beweer dat die deregulering van die finansiële instellings en hoë inflasie 'n klimaat geskep het wat individue aanmoedig om die grootste deel van hul besparing in die rigting van inflasievierskansde instrumente eerder as depositosoortige besparingsinstrumente te kanaliseer. Die netto resultaat is dat huishoudings gesamentlik by kontraktuele besparingsinstellings spaar en van banke en ander finansiële instellingsleen. Die netto ontsparing van huishoudings by hierdie sogenoemde diskresionêre besparingsinstellings is in teenstelling met die besparing deur huishoudings by die sogenoemde kontraktuele besparingsinstellings in grafiek 7.

Die makro-ekonomiese betekenis van die onderskeid tussen diskresionêre en kontraktuele besparing is van


**Tabel 6. Prysindekse van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is en gemiddelde huispryse**

Tydperk	Huise <sup>1)</sup>	Aandele <sup>2)</sup>
1970.....	13,90	12,20
1971.....	14,94	11,14
1972.....	15,60	15,20
1973.....	17,91	18,61
1974.....	19,44	20,54
1975.....	20,95	17,76
1976.....	22,21	15,09
1977.....	22,79	14,64
1978.....	23,46	17,94
1979.....	26,34	25,17
1980.....	32,66	41,96
1981.....	45,18	37,93
1982.....	54,74	31,90
1983.....	65,92	44,66
1984.....	71,87	46,10
1985.....	65,73	49,61
1986.....	63,03	67,30
1987.....	69,38	91,03
1988.....	79,61	68,39
1989.....	87,60	91,41
1990.....	100,00	100,00
1991.....	114,06	107,06
1992.....	124,14	112,74
1993.....	133,86	129,05


Bron:

1. Kwartaallikse Behuisingsoorsig, ABSA Bank (verskeie uitgawes)
2. Suid-Afrikaanse Reserwebank, Kwartaalblad (verskeie uitgawes)

**Grafiek 6: Uitstaande verbruikerskrediet en persoonlike besparing as persentasie van persoonlike beskikbare inkome**



**Grafiek 7: Kontraktuele en diskresionêre besparing deur private huishoudings**



beperkte nut. Die ontsparing deur huishoudings by diskresionêre besparingsinstellings is nie net die gevolg van besparingsbesluite deur individue nie, maar ook van investeringsbesluite wat deur hierdie instellings geneem word. Veral banke het 'n toenemende bedrag in lenings aan huishoudings toegestaan vir die finansiering van behuising en verbruikerskrediet tot die omvang dat die netto lenings wat banke aan huishoudings toegestaan het die toename in huishoudings se deposito's by hierdie instellings oortref. Om hierdie uitleenbedrywigheide te finansier, het banke staat gemaak op fondse wat in die groothandelsmark bekom word, onder andere van die kontraktuele besparingsinstellings soos byvoorbeeld versekeringsmaatskappye en pensioenfondse. Kontraktuele besparingsinstellings belê hoofsaaklik in bemarkbare effekte van die owerheid en die private sektor en wys slegs 'n beperkte bedrag aan fondse toe aan huishoudings en individue. Die indeling van huishoudings se totale besparing in kontraktuele besparing en diskresionêre besparing is daarom van geringe betekenis – dit is slegs 'n institusionele indeling van huishoudings se besparing en verskaf min inligting oor die werklike besparingsgedrag van private huishoudings.

#### Interafhanglikheid van sektorale besparing

Daar is goeie redes om te vermoed dat die besparing deur huishoudings en maatskappye onderling van mekaar afhanglik is. Die betreklike bestendigheid van die totale besparing deur die private sektor is reeds genoem. Die verduideliking wat meesal hiervoor gegee word, is dat

huishoudings oor die vermoë beskik om die huidige en verwagte resultate van maatskappye in hul besluitneming in berekening te bring en dat besparingsbesluite van maatskappye in werklikheid beskou word as besparingsstappe wat namens huishoudings gedoen word. Maatskappybesparing word dus beskou as 'n aanvulling van en 'n substituut vir besparing deur huishoudings.

In hul hoedanigheid as aandeelhouers, het individue die finale aanspraak op die onverdeelde winste van maatskappye. Die terughou van maatskappywinste lei tot 'n verhoging in die netto waarde van maatskappye, 'n stygging in aandelepryse en 'n toename in die netto batewaarde van huishoudings. Indien kapitaalwinste nie belas word nie en reële verdienste op depositosoortige beleggings onvoldoende skyn te wees, sal besparing deur maatskappye namens individuele aandeelhouers baie aanloklik wees. Sulke omstandighede het gedurende die tagtigerjare in Suid-Afrika bestaan.

#### Maatreëls om die binnelandse besparingskoers te versterk

Die huidige besparingskoers van die Suid-Afrikaanse ekonomie word in die algemeen as te laag beskou om 'n voldoende hoë ekonomiese groeikoers te onderskraag. In die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van die Reserwebank vir 1994 is aangedui dat die totale besparingsverhouding tot 22 persent van die bruto binnelandse produk sal moet styg om 'n groeikoers van 3 persent per jaar in reële inkomte te ondersteun. In 1993 het die besparingskoers slegs 17,5 persent van die bruto binnelandse produk bedra.

Die gebruiklike manier waarop regerings poog om die besparingsgedrag te beïnvloed is om beleggingsinkome ten volle of gedeeltelik van inkomstebelasting kwyt te skeld. Hiervolgens word die grensopbrengskoers op opgehoorde besparing beïnvloed om sodoende die vloei van besparing te beïnvloed.

Indien alle beleggingsinkomste presies dieselfde behandeling vir belastingdoeleindes ontvang, sal 'n verandering in die belastingkoers dieselfde uitwerking op die grensopbrengskoers na belasting van alle vorme van besparing hê. Omdat die substitusie- en inkomme-effekte mekaar teenwerk, is die netto verandering in die vloei van totale besparings weens so 'n belastingverandering onseker. Die besparingskoers kan óf verhoog óf verlaag word as gevolg van so 'n verandering in belasting. Die vermoë van die regering om die private besparingskoers deur aanpassings in die opbrengskoers na belasting te beïnvloed kan dus baie gering wees.

Die verlies aan belastinginkomste as gevolg van belastingtoegewings kan lei tot 'n stygging in die begrotingstekort indien dit nie met 'n verlaging in besteding of 'n stygging in ander inkomste gepaard gaan nie. Die gebruik van belastingaansporings om besparing aan te moedig kan gevolelik teenproduktief wees: dit kan private besparing óf verhoog óf nie verhoog nie, maar dit

sal tot 'n verlies aan belastinginkomste en 'n moontlike afname in owerheidsbesparing lel. Die totale besparingskoers sal waarskynlik daal as die volle voordeel van die belastingverligting nie deur die belastingbetalende gemeenskap gespaar word nie.

Die uitwerking van die instelling van gedifferensieerde belastingkoerse op besparingsgedrag is om 'n permanente verskuiwing in die vloeい van besparing te bewerkstellig na daardie soorte van besparing wat deur die belastingverandering bevoordeel word. Wanneer die belastingtoegewing ten volle in die prys van 'n finansiële bate gekapitaliseer is, vorm dit 'n integrale deel van die opbrengs op die vorm van besparing wat dit bestem was om aan te spoor. 'n Blywende uitwerking op die vloeい van besparings benodig gevvolglik nie slegs die instelling van aansporingsmaatreëls nie, maar ook 'n voortdurende verbetering daarvan.

Opsommend sal belastingaansporings om die gedrag van besparing te beïnvloed, dus eerder geneig wees om die vloeie na die verskillende vorme van besparing te beïnvloed as wat dit 'n blywende uitwerking op die totale besparingskoers van die ekonomie sal hê. Gegewe al die onsekerhede met betrekking tot die doeltreffendheid van owerheidsbeleid om private besparing te beïnvloed, blyk regstreekse maatreëls om binnelandse besparingskoerse te verhoog deur die verlaging van begrotingstekorte en die verhoging van owerheidsbesparing 'n baie beter voorskrif vir sukses te wees.

### **Gevolgtrekking**

Besparing deur die private sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk het op die lang duur 'n merkwaardige veerkrachtigheid getoon. Die gemiddelde besparingskoers van die private sektor in die jongste jare het hoër vlakke as in die sestigerjare gehandhaaf toe die algemene ekonomiese omgewing baie meer bevorderlik vir groter besparings was. Nietemin het oorwegings wat met belasting en inflasie verband hou, die samestelling van besparing deur die private sektor beduidend verander; besparing deur die maatskappysektor vorm nou 'n baie groter deel van die besparing van die private sektor as vroeër.

Die verswakking van die totale binnelandse besparingskoers gedurende die tagtigerjare kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die afname van besparing deur die algemene owerheid wat uiteindelik in netto ontsparing ontaard het. Gegewe die betreklike bestendigheid van die private sektor se besparingskoers oor die langer termyn en die onsekerhede verbonde aan belastingmaatreëls om die besparing van die private sektor te verhoog, is die beste manier vir die verhoging van 'n land se besparingskoers en groeikoers om die ontsparing van die algemene owerheid te verminder – besparing deur die algemene owerheid moet verkielslik verander word in 'n toestand waar positiewe bydraes tot die private sektor se besparing gemaak word.

# 'n Nota oor veranderende betalingsgedrag in die Suid-Afrikaanse ekonomie

deur J.P. van den Heever en J.H.L. Flint

Betalingsgedrag is van wesenlike belang by die ontleding van ekonomiese ontwikkelings en beleid. Die omset in verskillende betaalstrome kan gebruik word om die vlak van ekonomiese bedrywigheid te peil, terwyl verskuiwings tussen die verskillende betaalstrome op strukturele veranderings in ekonomiese gedrag kan dui. Die omset in uitgesoekte betaalstrome word reeds vir 'n hele aantal jaar deur die Reserwebank gemonitor, en sekere belangrike tydreeks in hierdie verband word op bladsy S-13 van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie nota poog om 'n aantal opmerklike strukturele ontwikkelings in uitgesoekte betaalstrome uit te lig.

Soos in die bygaande grafiek getoon word, het tegnologiese en ander ontwikkelings gedurende die afgelope aantal jaar tot wesenlike veranderings in die Suid-Afrikaanse publiek se betalingsgedrag aanleiding gegee. Die toenemende beskikbaarheid van kitsbanke en kredietkaarte, veiligheidsoorwegings en 'n betreklik traie ekonomie het afwaartse druk uitgeoefen op die reële of inflasie-aangepaste<sup>1</sup> vraag na note en munte deur die publiek (persone en instellings buite die monetêre sektor). Terwyl gegewens oor die waarde van note en munte in die hande van die publiek geredelik beskikbaar is, kan daar ongelukkig min gesê word oor die aantal transaksies waarin note en munte van hande verwissel. Die meganies berekende inkomme-omlolopsnelheid van note en munte (gedefinieer as die nominale waarde van die bruto binnelandse produk gedeel deur die waarde van note en munte in die hande van die publiek) het egter sedert die einde van 1990 per saldo ietwat toegeneem, wat daarop dui dat note en munte in omloop effens minder as eweredig tot die stygging in die waarde van binnelandse produksie toegeneem het.


Die oorgrote meerderheid tjekks wat by Suid-Afrikaanse banke gedeponeer word, word deur die Automated Clearing Bureau (Pty) Ltd (ACB) se verrekeningsentra in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth verwerk. Gegewens van ACB dui daarop dat die aantal tjeentransaksies oor die afgelope ses jaar min of meer onveranderd op 'n vlak van ongeveer 335 miljoen per jaar gebly het. Dit weerspieël grotendeels die toenemende gewildheid van kaart-gebaseerde en magneetbandtransaksies asook die ontmoedigende uitwerking van tjebedrog en verwante onreëlmatighede.

Kredietkaarte as 'n betaalmiddel het oor die afgelope ses jaar sterk veld gewen, sodat die aantal kredietkaarttransaksies vanaf 1988 tot 1994<sup>2</sup> met meer as 60 persent

toegeneem het. Die gerief om nie groot hoeveelhede kontant hoof te dra nie, die feit dat rente nie op debietsaldo's wat uit kredietkaartaankope voortvloeи gehef word nie mits die saldo op die kaartrekening betys betaal word, aansporings soos oumatiese versekering wat aan die gebruik van sodanige kaarte gekoppel word, 'n stiewige bemarkingsaksie deur sekere banke, en risiko- en statusoorwegings tel onder die faktore wat tot hierdie vinnige groei bygedra het.

Die merkwaardigste groei is by magneetbandtransaksies aangeteken, waarvan die aantal vanaf 1988 tot 1994 met 176 persent toegeneem het. Werkgewers verkie se toenemend om hulle werknemers se salaris registreks in hul bankrekenings in te betaal eerder as om van tjeks of kontant gebruik te maak. Hierdie regstreekse betaling bestaan uit die gelyktydige debitering van die werkewer se bankrekening en die kreditering van elke werknemer se bankrekening, en verskeie banke word gewoonlik betrek. Dit word aan die gang gesit deur inskrywings op 'n magneetband wat deur die ACB verwerk word. Die betaling van versekeringspremies, telefoon-, munisipale en verskeie ander rekenings geskied toenemend op soortgelyke wyse deur regstreekse magneetbanddebiete en -krediete eerder as deur middel van tjeks. Die debiete word deur die ontvangende party aan die gang gesit en die krediete deur die betalende party.

## Groei in die gebruik van verskillende betaalwyses, 1988-1994



<sup>1</sup> Die verbruikersprysindeks is gebruik om die nominale waarde van note en munte in die hande van die publiek aan te pas.

<sup>2</sup> Data vir 1994 is beraam op grond van inligting wat die eerste nege maande van die jaar dek.

### Transaksies in uitgesoekte betaalstrome, 1993

	Tjeks	Krediet-kaarte	Magneet-band	Totaal
Aantal transaksies (miljoene).....	335,8	111,2	160,0	607,0
Persentasie van totaal .....	55,3	18,3	26,4	100,0
Waarde van transaksies (R miljard) .....	5 565,8	13,9	445,1	6 024,8
Persentasie van totaal .....	92,4	0,2	7,4	100,0
Gemiddelde waarde per transaksie (R) .....	16 575	125	2 782	9 926

Hoewel die aantal tjektransaksies steeds baie meer as die aantal magneetbandtransaksies is, is dit duidelik dat laasgenoemde betaalmetode vinnig veld wen. Indien die huidige neiging voortduur, kan verwag word dat die aantal magneetbandtransaksies die aantal tjektransaksies teen 1998 sal verbysteek.

Terwyl die grafiek op die groei in die gebruik van verskillende betaalmetodes fokus, verskaf die absolute aantal en waarde van transaksies in elke stroom wat gedurende 1993 aangeteken is, verdere waardevolle inligting, soos in die bygaande tabel getoon word.

Betaling deur middel van tjeks oorskadu die ander betaalmetodes. Die hoë gemiddelde waarde per tjektransaksie kan toegeskryf word aan 'n klein aantal tjeks vir baie hoë waardes (in die multi-miljoenrand-klas), verwant aan interbank-, effektemark- en soortgelyke hoëwaarde-transaksies. Hierdie tjeks word in dieselfde betaalstroom as die talyke laewaarde-tjeks verwerk, 'n praktyk wat tans in heroorweging geneem word in die lig van die aansienlike bruto blootstellings en moontlike risiko's wat daarby betrokke is.

Die gemiddelde waarde per kredietkaarttransaksie lê min of meer op dieselfdevlak as die prys van 'n gemiddelde restaurant-ete vir twee of drie persone, of van 'n beskeie duursame of semi-duursame verbruksitem. Onderliggend aan die gemiddelde waarde van 'n magneetbandtransaksie van R2 782, is gemiddeldes van R933 ten opsigte van debiete, R16 993 ten opsigte van krediete, en R1 675 ten opsigte van salarisbetalings.